



UNIVERSITEIT  
iYUNIVESITHI  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

100  
1918 · 2018

## **REKTOR SE BESTUURSVERSLAG AAN DIE RAAD**

Vir die geskeduleerde vergadering op Maandag 6 April 2020

Prof WJS de Villiers,  
Rektor en Visekanselier

## Inhoudsopgawe

INLEIDING.....	4
TEMA 1: 'n FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH.....	6
1.1 Tydlyn van US-stappe om die wêreldwye COVID-19-pandemie te hanteer.....	6
1.2 Strategiese Fonds.....	8
1.3 Sessies oor waardes.....	8
1.4 Stelselvernuwing.....	9
1.5 Strategiese bestuursaanwysers.....	9
1.6 Handelsmerkstrategie, bygewerkte visuele identiteit en webherontwikkeling.....	10
1.7 US kry Sentrale Kantoor vir Konferensies en Geleenthede (SEKO).....	11
1.8 Internasionale fondswerwing.....	11
1.9 Groot individuele skenkings.....	13
1.10 Maties laat wiel.....	14
1.11 Die US in die nuus (12 November 2019 tot 9 Maart 2020).....	14
1.12 'Matieland'-tydskrif.....	15
1.13 Transformasiekommunikasie.....	15
1.14 Kampusvernuwing.....	15
1.15 Internetinfrastruktuur.....	18
1.16 Nuwe hoëprestasierekenaarkluster.....	18
1.17 IT-sekureit, -risiko en -voldoening.....	19
1.18 Beter bedryfsvermoëns en -dienste by IT.....	19
1.19 Gesondheidsbewustheid.....	19
TEMA 2: 'n TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING.....	20
2.1 Studentewerwing.....	20
2.2 Registrasie 2020.....	20
2.3 Voorgraadse inskrywings.....	20
2.4 Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS).....	21
2.5 Werwingsbeursprojek.....	22
2.6 Finansiële bystand vir studente uit die 'ontbrekende middel'.....	23
2.7 Nuwe studente verwelkom.....	23
2.8 Studentehuisvesting.....	24
2.9 Huis Marais.....	25
2.10 Wilgenhof.....	26
2.11 Gesamentlike werkgroepe teen geslagsgebaseerde geweld.....	26
2.12 Voedselsekerheidstaakgroep.....	27
2.13 Institusionele Transformasiekomitees.....	27
2.14 Studenteraad (SR) kies voorsitter.....	28
2.15 Toegang verbreed en sukses bevorder deur middel van taal.....	28
2.16 Studentesport.....	29
2.17 Studentenuusbrief.....	29
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE.....	30
3.1 Raamwerk verbind akademiese jaar met nasionale dae en strategiese temas.....	30
3.2 Universiteit van Lausanne.....	30
3.3 SKEMA-bestuurskool.....	31
3.4 Universiteit van St Andrews.....	31
3.5 TU Dresden.....	31
3.6 Vereniging vir Internasionale Onderwysadministrateurs (AIEA).....	32
3.7 Afrika-universiteitsdag.....	32
3.8 Afrika Doktorale Akademie hou somerskool.....	32
3.9 Gesamentlike skole in Afrika.....	33
3.10 Periperi U nou deel van US Internasionaal.....	33

3.11	Studentemobiliteit .....	33
3.12	Oop wetenskap, oop bewaarplekke .....	34
3.13	Lückhoff Lewende Museum geskep 50 jaar ná gedwonge verskuiwing.....	34
3.14	Transformasievennootskappe .....	35
3.15	US Woordfees .....	35
3.16	US Museum.....	35
3.17	US en Fort Hare maak geskiedenis deur kunssamewerking .....	36
3.18	Stellenbosch Netwerk .....	37
3.19	Rugbyvennootskap.....	37
TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER.....		37
4.1	Gradeplegtighede van Desember 2019 .....	37
4.2	Programhersiening en -vernuwing.....	38
4.3	Nuwe akademiese programme.....	38
4.4	Akademiese geletterdheid en kommunikasie .....	39
4.5	Versterking van onderwysleierskap.....	39
4.6	Leer- en onderrigverryking .....	39
4.7	Aanlyn platform vir US-kortkursusse .....	39
TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK .....		40
5.1	Ondersoek na navorsingsartikel.....	40
5.2	Kundige navorsing besorg US gespesialiseerde leerstoele .....	40
5.3	Gesogte samewerking met Fraunhofer-Gesellschaft van Duitsland .....	41
5.4	Universiteitstegnologiefonds gestig.....	41
5.5	US spog wéér met meeste PCT-patentaansoeke .....	42
TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER.....		42
6.1	Personeelbyeenkoms.....	42
6.2	Jongste US-personeelopname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk .....	42
6.3	Dagsorgfasiliteite .....	43
6.4	Visekanseliersintreelesingreeks.....	43
6.5	Diensbillikheid.....	43
6.6	Gesamentlike toekenningsgeleentheid vir onderrig, navorsing en media .....	44
6.7	Leierskap- en bestuursontwikkeling .....	44
6.8	Verlofgrief .....	45
6.9	Senior aanstellings .....	45
SLOT .....		45
BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE .....		47
Meningsartikels (12 Nov 2019 tot 24 Feb 2020).....		47
Rubrieke (12 Nov 2019 tot 24 Feb 2020) .....		51
MEDEWERKERS .....		54

## INLEIDING

Welkom by die eerste Raadsvergadering van 2020, 'n **nuwe dekade**. Uit 'n sektorale oogpunt was die jaar tot dusver besonder uitdagend. Nietemin belooft dit ook om vele opwindende geleenthede vir die Universiteit Stellenbosch (US) op te lewer.

Hierdie vergadering vind plaas te midde van groot onsekerheid deur die ganse hoëronderryslandskap weens die impak van die **koronavirussiekte (COVID-19)**. Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) het die verspreiding van die siekte tot 'n wêreldwye pandemie verklaar, en ons regering het beduidende en ingrypende maatreëls ingestel om die infeksiekoers te beperk en die verwoestende gevolge van die virus teen te werk.

Raadslede sou teen hierdie tyd kennis geneem het van die bestuur se **besliste optrede** om ons studente en personele te beskerm en terselfdertyd te sorg dat ons werksaamhede as 'n universiteit voortgaan. ([Klik hier](#) vir al ons mededelings aan die Universiteitsgemeenskap, wat op die **spesiale COVID-19-blad** op die US-webtuiste, [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za), geplaas is. Ons doen alles moontlik om te sorg dat ons studente hul akademiese jaar kan voltooi en dat die Universiteit volhoubaar bly. (**Sien 1.1** vir 'n **tydlyn** van stappe deur die US om die koronaviruspandemie te hanteer.)

Soos 'n mens kan verwag, is 'n belangrike oorweging die gebruik van **aanlyn onderrig en leer** om klaskamerlesings ten minste tydelik te vervang en sodoende die verdere verspreiding van COVID-19 te help beperk. Die US het die afgelope aantal jaar in ieder geval aanlyn en hibriede leer oor ons hele programaanbod begin bekend stel. Die koronaviruspandemie het nou 'n dringendheid aan hierdie projek verleen – implementering verskuif van medium- en lang termyn tot kort termyn. Dit is vir my aangenaam om verslag te doen dat die oorgrote meerderheid van ons voorgraadse programme nou aanlyn aangebied word. Dít is danksy die onwrikbare toewyding en harde werk van ons dosente, ons Afdeling IT en ons Afdeling Onderrig- en Leerverryking. In ware US-gees bied ons ook hiêrdie uitdaging die hoof.

Op hierdie positiewe noot, kom ons kyk na van ons hoogtepunte gedurende die eerste kwartaal van die akademiese jaar 2020.

Op internasionale vlak het ek die groot eer gehad om in Januarie die direksievergadering van **GAUC (die internasionale universiteitsalliansie oor die klimaat)** in Davos, Switserland, by te woon, wat met die **Wêreld- Ekonomiese Forum (WEF)** saamgeval het. Ek het ook 'n paneelbespreking gelei oor die rol en bydrae van die hoër onderrig, die samelewing en die bedryf om die verwoestende uitwerking van klimaatsverandering te stuit. Ek het voorheen genoem dat die US die enigste universiteit in Afrika is wat tot hierdie groep prestigeryke internasionale navorsingsintensiewe universiteite behoort.

Danksy ons teenwoordigheid in GAUC is ons nou ook genooi om by die **Globale Universiteitsleierskapsforum (GULF)** aan te sluit. Hierdie struktuur bestaan uit die hoofde van die voorste universiteite wêreldwyd. Dit vervul twee belangrike rolle, naamlik om gesamentlik as gemeenskap opvoedkundige, wetenskaplike en navorsingsagendas voort te dryf en as adviesliggaam te dien wat die WEF van intellektuele leiding voorsien.

Dit is ook vir my besonder aangenaam om aan te kondig dat 'n **Nobelstigtingsposium** aan Afrika toegeken is – die eerste buite Skandinawiese grense. Dit word vir Oktober vanjaar beplan. Selfs méér opwindend is dat die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) gekies is as plek en tuiste vir hierdie geleentheid én vir verdere Nobelsimposia oor die volgende paar jaar. Die US sal saamwerk om die voorste denkers op 'n wye verskeidenheid internasionale navorsingsgebiede, van kardiovaskulêre geneeskunde tot chemie en fisika sowel as die breër mediese en biomediese wetenskappe, op Afrikabodem te verwelkom. Die vasteland se navorsers en denkleiers is gretig en gereed om die internasionale wetenskaplike verhoog op die hoogste vlak te deel. Dit sal daartoe bydra om Afrika as 'n vasteland van vooruitgang te vestig. Welgedaan aan professore Edward Kurimira en Hendrik Geyer van STIAS vir hulle harde werk en versindheid.

So, ons sien dat die US hom al hoe meer in uitgelese geselskap bevind namate hy self ook **internasionaal naam maak as 'n navorsingsintensiewe universiteit**. In sy jaarverslag aan die Raad wys prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, uit dat **76%** van ons **derdestroominkomste** (uit navorsingskontrakte) in 2019 van **internasionale** bronne afkomstig was. Dit toon dat ons werk wêreldwyd erkenning geniet, wat ons volhoubaarheid sal ondersteun.

Die US het sy reputasie as een van die voorste universiteite onder die wêreld se ontluikende ekonomieë bevestig. Nes in 2019, beklee die instelling weer die 24<sup>ste</sup> plek op die [Times Higher Education- \(THE-\)universiteitsranglys vir ontluikende ekonomieë van 2020](#), nadat dit in 2017 nog in die 42<sup>ste</sup> en in 2018 die 38<sup>ste</sup> plek was. Ons is tans derde in Suid-Afrika. Altesaam meer as 530 universiteite van 47 lande verskyn op hierdie lys. Dít kom na die aankondiging in September 2019 dat die US sy algehele plek op die *Times Higher Education*-wêrelduniversiteitsranglys verbeter het van kategorie 301–350 tot 251–300, wat ons nou onder die voorste 1% van universiteite plaas.

Op nasionale vlak het die hoëronderrisjaar onstuimig begin, hoofsaaklik weens wydverspreide **studieskuld** wat talle studente daarvan weerhou het om te registreer. Op sommige Suid-Afrikaanse universiteitskampusse het protes in dié verband gewelddadig geraak, en is universiteitsgeboue verwoes. Die kernkwessie van toegang tot die hoër onderris – op sigself 'n edele saak – is nogmaals skade aangedoen deur die gewelddadige manier waarop die protes plaasgevind het. Danksy flink optrede deur die ministerie en Universiteite Suid-Afrika (USAf) is gemoedere tot bedaring gebring, en is 'n landswye stilstand op kampusse afgeweer. Alle belanghebbendes in die sektor is dit eens dat studente wat hul vorige studiejaar geslaag het toegelaat behoort te word om te **registreer** en 'n geleentheid moet kry om met hulle instellings oor die strukturering van hulle skuld ooreen te kom. Die US doen sy deel om te sorg dat studente met die nodige talent kan registreer. Ek wens graag ons Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings onder leiding van mnr Arrie Hanekom – asook mnr Nugent Lewis, wat nagraadse beurse bestuur en vanjaar die werkgroep oor studentskuld gelei het, geluk met hulle uithalerwerk namens ons instelling om ons studente by te staan.

Ek het laat verlede jaar aangekondig dat 2020 die Universiteit se **Jaar vir Persone met Gestremdhede** sal wees. Dit sal uitloop op die sesde konferensie van AfriNEAD, die Afrikanetwerk vir praktykgerigte navorsing oor gestremdheid, 'n formidabele internasionale netwerk vir wie die US van 30 November tot 3 Desember gasheer sal speel (onderworpe aan COVID-19-ontwikkelings). Ter viering van die jaar sal die Transformasiekantoor en die Eenheid vir Gestremdhede, tesame met AfriNEAD, maandelikse oordenkings of artikels deur persone met gestremdhede publiseer.

'n Gewilde gesprekspunt tot dusver vanjaar was die **tydelike verbod op alkohol** in US-studentehuisvesting. Dit het heelwat reaksie uitgelok – sowel by die Universiteit as onder die algemene publiek. Die reaksies het gewissel van feitelike verslaggewing, tot party wat die stap verwelkom, en ander wat dit kritiseer. Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om die saak op te klaar. Ons einddoel is nie 'n algehele verbod op alkohol op ons kampusse of in ons koshuise nie. Ons wil graag duidelike, praktiese riglyne vir verantwoordelike alkoholgebruik by ons instelling ontwikkel. En ek glo ons kan dit betreklik gou regkry as ons saamwerk.

Ons eerste groot strategievergadering van die jaar, die **Institusionele Beplanningsforum (IBF)**, het op 12 en 13 Februarie plaasgevind. Lede van die Rektooraat, dekane, adjunkdekane, fakulteitsbestuurders, hoofdirekteure en senior direkteure was teenwoordig. Ek het die koers vir ons instelling aangedui met die bekwame hulp van die ander verantwoordelikhedsentrum- (VS-)hoofde, wat ook húl planne vir hul omgewings voorgelê het. Strategie, strategiese bestuursaanwysers (SBA's) en teikens is bespreek, sowel as die institusionele beplanningsproses en -tydlyne. Ander belangrike kwessies op die agenda het ingesluit die vernuwing van die US-handelsmerk en die herontwikkeling van die webtuiste, personeelwelstand, Menslike Hulpbronne se eksterne beoordelingsproses, die US Statuut, SUNStudent, SUNFin, die US Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke, hibriediese leer en die US-kampusmeesterplan. Die oorhoofse tema was **om daad by die woord te voeg**. Ons het 'n goeie strategie, wat ons nou in werking stel.

Soos gewoonlik kry 'n lid van die Rektorat weer geleentheid om aan die Raad verslag te doen oor **bedrywighede in sy of haar VS** die afgelope jaar. Hierdie keer is dit die **VR:NINS** se beurt. Daarom bevat hierdie oorsigtelike bestuursverslag slegs enkele hoogtepunte uit prof Cloete se portefeulje – raadpleeg gerus sy afsonderlike verslag vir meer besonderhede.

Hierdie verslag handel oor die tydperk **8 November 2019 tot 5 Maart 2020**, tensy daar anders aangedui word. (Die vernaamste ontwikkelings tot **19 Maart**, die inhandigingsdatum van die verslag, is ook bygewerk.) Ek en my medebestuurslede verwelkom die geleentheid om met ons kollegas in die Raad in gesprek te tree.

## TEMA 1: 'n FLORENDENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) (klik op skakel vir volledige dokument) lui soos volg oor hierdie kern strategiese tema: “Om die US 'n **florerende organisasie** te maak, beoog ons 'n **lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare** universiteit (met ‘florerend’ wat omskryf word as ‘om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy’). Die US erken die groot uitdagings verbonde daaraan om 'n florerende universiteit te word. Ons besef dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak”.

### 1.1 Tydlyn van US-stappe om die wêreldwye COVID-19-pandemie te hanteer

**Desember 2019:** Daar word berig dat 'n siekte wat deur 'n nuwe tipe koronavirus veroorsaak word in die stad Wuhan in die Hubei-provinsie van China uitgebreek het.

**Januarie 2020:** Die virus, wat nou as COVID-19 bekend is, begin buite China versprei en gevalle word uiteindelik ook op die Afrikavasteland aangemeld. Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) verklaar die uitbreking tot 'n “openbare gesondheidskrisis van internasionale belang”. Die US begin ontwikkelings sorgvuldig dophou.

**4 Februarie:** Om die saak proaktief te hanteer, stel die Rektorat 'n gebeurlikheidskomitee onder leiding van die US se Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, prof Eugene Cloete, saam. Die komitee bestaan uit verskeie kenners, waaronder personeellede van die Infeksiesiektesentrum en die Afdeling Geneeskundige Virologie in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modelling en Ontleding op ons Stellenboschkampus, ons Kampusgesondheidsdiens (KGD) en Kampussekuriteit.

**5 Maart:** Suid-Afrika se eerste geval van COVID-19 word deur die regering bevestig.

**6 Maart:** Ná oorlegpleging met rolspelers besluit die Rektorat om 'n tydelike verbod in te stel op personeel- en studentbesoeke aan lande met 'n hoë voorkoms van COVID-19, naamlik China, Suid-Korea, Italië en Iran. Personeel en studente word ook in kennis gestel dat diegene wat vermoed dat hulle die virus onder lede het KGD moet kontak.

**9 Maart:** By die eerste Rektor-Burgemeester-forum vir die jaar benadruk Stellenbosch Munisipaliteit en die Universiteit dat hulle sal saamwerk om te sorg dat Stellenbosch doeltreffend reageer op die bedreiging wat COVID-19 inhou.

**11 Maart:** Die WGO bestempel die COVID-19-uitbreking as 'n “wêreldwye pandemie” vanweë die voorkoms van die virus in alle wêrelddele.

'n [Spesiale COVID-19-webblad](#) word op die US-webtuiste geskep. Die Universiteitsgemeenskap word aangemoedig om die blad vir gereelde nuus te besoek. 'n [Stel plakkate](#) met openbare gesondheidsinligting oor COVID-19 word ook beskikbaar gestel.

Die US doen 'n beroep op personeellede en studente wat beplan om in hulle privaat hoedanigheid plaaslik en internasionaal te reis om ingeligte besluite te neem oor hulle bewegings en die impak van

COVID-19. Om die risiko van die verspreiding van die siekte te beperk, word personeel en studente ingelig dat diegene wat die virus in die loop van 'n privaat reis opdoen, nie toegelaat sal word om terug te keer werk toe, klas toe of na 'n US-koshuis totdat hulle volkome herstel het nie.

**13 Maart:** Die US kanselleer die gradeplegtighede wat in die week van 31 Maart tot 3 April sou plaasvind. Hierdie besluit, wat nie ligtelik geneem is nie, sal die risiko verbonde aan groot byeenkomste beperk, sowel as blootstelling aan individue wat moontlik internasionaal gereis het.

Die formele inhuldigingsplegtigheid van ons nuwe Kanselier, regter Edwin Cameron – wat sedert Januarie 2020 die amp beklee – word uitgestel van 8 April tot 'n datum wat nog bepaal sal word.

Alle konferensies wat veronderstel was om in die tydperk tot en met 30 Junie op US-kampusse gehou te word, word tot verdere kennisgewing gekanselleer.

Ons tydelike reisverbod word uitgebrei om ook alle internasionale besoeke deur US-personeel en -studente sowel as alle internasionale besoeke aan die Universiteit in te sluit. Dít is tot 30 Junie van krag.

Europa word deur die WGO as die nuwe middelpunt van COVID-19 bevestig.

**15 Maart:** President Cyril Ramaphosa kondig 'n nasionale ramptoestand af om die verspreiding van COVID-19 te beperk. Dit sluit in reisbeperkings, 'n verbod op byeenkomste van meer as 100 mense, en die sluiting van skole tot ná die Paasnaweek.

**16 Maart:** Die Rektorat besluit om alle lesings en assesserings by die US – buiten dié in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe – vanaf 17 Maart op te kort, en vervroeg sodoende die reses met vier dae. Soos wat aanvanklik beplan is, sal die tweede kwartaal op 30 Maart begin, maar deur middel van aanlyn onderrig.

Alle studente in Universiteitshuisvesting word versoek om hulle koshuise te ontruim en vir die reseydperk huis toe te gaan. Studente vir wie dít onmoontlik is, sal egter in Universiteitskoshuise gehuisves word, onderworpe aan streng maatreëls.

Nagraadse studente behoort met hulle studieleiers te skakel om praktiese reëlins te tref, en moet ook so ver moontlik van buite die kampus werk.

Navorsingsbedrywighede behoort voort te gaan waar dit ook al moontlik is.

Graduandi wat die gekanselleerde gradeplegtighede in Maart/April sou bywoon, sal hulle kwalifikasies in absentia ontvang. Nogtans sal hulle die geleentheid hê om gradeplegtighede in Desember by te woon vir die seremoniële verlening van hulle grade, na gelang van omstandighede in daardie stadium.

Die Rektorat omskep die gebeurlikheidskomitee oor die koronavirus in 'n subkomitee oor mediese aangeleenthede, en skep nog tien subkomitees, wat almal aan 'n **oorhoofse Institusionele Komitee vir Bedryfskontinuiteit (IKBK)** onder leiding van ons Bedryfshoof, prof Stan du Plessis, verslag doen. Die IKBK se rol is om toesig te hou oor hierdie 11 subkomitees, wat elk sal konsentreer op kernfasette van die Universiteit se werksaamhede wat deur die pandemie geraak word. Die komitee sal ook as sentrale punt vir bydraes deur die subkomitees dien. Die elf subkomitees sal 'n wakende oog hou oor fasiliteite en sekuriteit, internasionale aangeleenthede, studentehuisvesting, Registrateursaangeleenthede, menslike hulpbronne, studentesake, kommunikasie, aanlyn leer en assessering, IT, mediese aangeleenthede, en navorsing.

Hoewel die subkomitees by magte is om bedryfsbesluite op hulle gebiede te neem, moet besluite wat die hele instelling raak vir 'n finale beslissing na die IKBK verwys word. Die IKBK implementeer ook die Universiteit se Krisiskommunikasieplan in samewerking met die subkomitee oor kommunikasie en die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie.

**17 Maart:** Die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Tegnologie, dr Blade Nzimande, kondig aan dat kontakonderrig by alle naskoolse instellings van 18 Maart tot 15 April 2020 beëindig word, na gelang van hoe COVID-19 ontvou: “Sommige aspekte van institusionele aktiwiteite, soos nagraadse en navorsingswerk, sal gedurende dié tyd voortduur. Instellings sal egter die tydperk benut vir die identifisering en verkenning van digitale en aanlyn metodologieë vir onderrig en leer wat dalk ingestel moet word om die akademiese program in ’n latere stadium te ondersteun.”

By die US neem die IKBK die volgende besluite met betrekking tot personeellede:

- Alle omgewings word aangemoedig om hulle bedryfsbehoefte te evalueer en lynbestuurders word versoek om te bepaal of personeellede moontlik van die huis af kan werk.
- Hoewel die doel is om soveel moontlik elektronies gedoen te kry, sal sekere fisiese kampusdienste voortgesit word. Lynbestuurders sal in dié verband met geaffekteerde personeellede kommunikeer.
- Omdat skole gesluit is, moet personeellede wat tuis by hulle kinders moet wees van hulle gesinsverantwoordelikeverlof gebruik maak indien dit nie vir hulle haalbaar is om van die huis af te werk nie.
- Personeellede wat weens blootstelling aan COVID-19 moet self-isoleer, word versoek om tuis te bly vir die 14 dae (of langer) wat hulle gesondheidspraktisyn voorskryf.
- Personeellede wat positief toets vir COVID-19 sal siekteverlof moet neem.

**18 Maart:** Personeellede en studente word in kennis gestel dat die tweede kwartaal van 2020 by die US op 30 Maart sal begin, soos wat aanvanklik beplan is, hoewel lesings aanlyn aangebied sal word. Die Universiteit reik ’n [protokol](#) vir personeellede rakende COVID-19 uit. Personeellede word aangemoedig om tuis te werk – soos hul pligte dit toelaat.

Die getal COVID-19-gevalle in Suid-Afrika styg skerp tot 116, waarvan 14 gevalle die virus plaaslik opgedoen het. Die Wes-Kaap het 30 gevalle. Wêreldwyd meld die WGO ’n totale infeksietal van 207 860 bevestigde gevalle in 166 lande aan, en ’n sterftetal van 8 657 ([klik hier vir paneelbord](#)).

**19 Maart:** Die US bevestig [ons eerste geval van COVID-19](#) – ’n personeellid op die Tygerberg-kampus wat ná ’n reis oorsee positief vir die koronavirus getoets is. Die persoon het self in isolasie gegaan in samewerking met die gesondheidsowerhede. Besoek ons [COVID-19-webblad](#) vir die jongste inligting.

## 1.2 Strategiese Fonds

Die nuwe Strategiese Fonds-proses met die oog op 2020 is afgesluit met die afhandeling van die aansoek in kategorie B, wat vir strategiese uitstyg- en openbaremeningsprojekte bedoel is. ’n Paneel eksterne spesialiste het die aansoek, synde ’n versoek vir steun vir die vestiging van die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardienste, beoordeel. Hulle het eenparig aanbeveel dat die Strategiese Fonds-komitee dit goedkeur. ’n Bedrag van R30 miljoen is dus vir die Skool opsygesit en geld sal op ’n mylpaalgrondslag beskikbaar gestel word. In kategorie A, naamlik strategiese inisiatiewe, is R249 miljoen toegeken, en R38,6 miljoen in kategorie C, vir strategiese aanstellings. Daarmee kom die totale toekenning op **R317,6 miljoen** te staan – die grootste tot nog toe uit die Strategiese Fonds. Dit getuig van die US se vasberadenheid om sy visie te verwesenlik en sy strategie te implementeer. (Inligting oor die ander toekennings was in die vorige bestuursverslag.)

## 1.3 Sessies oor waardes

Werk in verband met die US se waardes is in volle gang. Dit maak deel uit van fase 2 (integrasie) en fase 3 (belyning) van *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*. Waardes aan die Werk-sessies is tot dusver in drie omgewings (een PASD-afdeling en twee fakulteite) aangebied. Deelnemers het die praktiese aard en transformasiepotensiaal van ’n waardegedrewe benadering tot leierskap en spanwerk waardeur. Volgens vroeë aanduidings het die werksessies hulle **in staat gestel** om



waardegebaseerde dilemmas te hanteer, en hulle ook met 'n beter begrip van die wedersyds ondersteunende verwantskap tussen die Universiteit se strategie en waardes toegerus.

## 1.4 Stelselvernuwing

**Koördinerings** tussen SUNFin en SUNStudent is noodsaaklik vir die sukses van hierdie twee komponente van die US se stelselvernuwingsinisiatief. 'n **Programbestuurder**, Allan Tom, is aangestel om 'n gefaseerde inwerkingstellingsplan op te stel. Dit moet die onderlinge afhanklikheid tussen hierdie twee projekte in ag neem, maar ook aandag skenk aan hoe SUNFin en SUNStudent die ander belangrike bedryfs- en IT-projekte by die Universiteit raak.

As alles goed gaan, behoort die US teen hierdie tyd volgende jaar SUNFin te gebruik, die nuwe finansiële stelsel wat op die Oracle Cloud Financials- (OCF-)platform ontwikkel word. Fase 1 van SUNStudent, naamlik die werwings-, aansoek- en toelatingsfunksies, behoort ook teen dan in werking te wees. Die inwerkingstelling van ander funksies sal daarna in fases voortgaan volgens die ritme van die akademiese siklus.

### 1.4.1 SUNFin

Die SUNFin-implementeringsprojek het 2019 op 'n hoogtepunt afgesluit met die voltooiing van die rondte 1-beoordelingswerksessies teen die middel van November. Daarmee is die tweede projekmylpaal bereik. Die bevindinge uit rondte 1 dien nou as grondslag vir die samestelling van die geïntegreerde projekplan, beplanning en voorbereiding vir die rondte 2-konfigurasie van die OCF-stelsel, en die ontwikkeling van oplossings om OCF by die verskillende US-randstelsels te integreer.

'n Span van Finansies en Informasietegnologie het met die eerste pakket begin om 'n integrasieoplossing vir OCF en Planon te ontwikkel. Die span se buigsame benadering behoort vinniger werkaflhandeling, flinker terugvoer en voortdurende verbetering moontlik te maak. Noudat SUNFin in die deurslaggewende leweringfase is, word **personeellede** in die Afdeling Finansies so ver moontlik **beskikbaar gestel** om op projekleweringsdoelwitte te konsentreer.

### 1.4.2 SUNStudent

Die SUNStudent-projek het teen die einde van Februarie sy vierde “mandjie” bloudrukwerksessies afgehandel, wat oor 32 funksies gehandel en meer as 400 US-personeellede en -studente betrek het. Die volgende groot mylpaal was om teen die einde van Maart die US se goedkeuring vir die fase 1-bloudrukdokumente (stelselspesifikasies) te kry sodat stelselkonfigurasie en -integrasie sowel as datamigrasie kan begin. 'n Volledige projekplan is opgestel om geaffekteerde personeellede 'n aanduiding te bied van wanneer daar van hulle verwag sal word om hulle tyd aan die projek te wy. Dít sal hulle help om hulle **werk**las dienoreenkomstig te beplan.

## 1.5 Strategiese bestuursaanwysers

As deel van die ontwikkeling van die US se Strategiese Raamwerk 2019–2024 is 'n lys moontlike strategiese bestuursaanwysers (SBA's) by die finale dokument ingesluit. Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) in die verantwoordelikhedsentrum Strategie en Internasionalisering het verder aan dié lys gewerk en gevolglik voorgestelde SBA's vir die ses kern strategiese temas voorgelê. Op grond van kommentaar deur toegewyde werkgroepe oor elk van die strategiese temas het 'n kernspan voortgegaan om die voorgestelde SBA's te omskryf en te verbeter.

Ná oorlegpleging met verantwoordelikhedsentrumhoofde en data-eienaars het die Rektooraat die verbeterde SBA's uiteindelik op 29 Oktober 2019 **goedgekeur**. Die Rektooraat het ook SBA-teikens met die oog op 2024 gestel op grond van data en grafieke van historiese tendense wat IOB voorsien het. Baie van die teikens is strekteikens.

Die nuwe SBA's en teikens is op 2 Desember aan die Raad self voorgelê, wat goedkeuring verleen het dat die SBA's en teikens by die **US se Institusionele Plan 2020–2025** ingesluit word. Ons is nou in die

**finale fase** om op grond van hoëvlakbedryfsintelligensie en -dataontledings 'n gebalanseerde telkaart vir ons Strategiese Raamwerk 2019–2024 te skep.

## 1.6 Handelsmerkstrategie, bygewerkte visuele identiteit en webherontwikkeling

Ons Afdeling Korporatiewe Kommunikasie het in November 2019 vir drie belangrike projekte in 2020 begin voorberei: (i) die ontwikkeling van 'n **handelsmerkposisioneringstrategie** vir die US, (ii) **die bywerking van die US se visuele identiteit**, en (iii) die **herontwikkeling van die Universiteit se webtuiste**. Die bedoeling is dat hierdie drie aspekte van ons beeld 'n akkurate weerspieëling moet wees van hoe ons onself as 'n instelling beskou, en van hoe ons wil hê ander ons moet beskou.

Hoewel Korporatiewe Kommunikasie hierdie prosesse sal bestuur, is omgewings oor die hele US betrokke. Vir die eerste twee aspekte is 'n **Handelsmerkverwysingsgroep (HVG)** saamgestel wat sowel fakulteite as PASD-afdelings verteenwoordig. Dieselfde benadering geld vir die derde aspek, waar 'n **Webtuisteherontwerppaneel (WHP)** tot die proses sal bydra. Ten einde almal ingelig te hou, is terugvoer verskaf by die personeelvergadering op 20 Februarie (**sien 6.1**).

Die US het in 2019 'n **handelsmerkwaardasie** onderneem, wat uit 'n handelsmerkoudit en -opvattingsspeiling bestaan het. Die waardasie het bepaal hoeveel krag en kapitaal in die US se handelsmerk opgesluit lê. Die **handelsmerkagentskap** Boomtown is gevolglik in November deur 'n tenderproses aangestel om 'n US-handelsmerkposisioneringstrategie en 'n nuwe visuele identiteit in pas met die institusionele visie en strategie te ontwikkel.

Die Rektorat het twee oorhoofse riglyne in dié verband gegee, naamlik dat die US na 'n **monolitiese handelsmerkbestel** moet beweeg (ter vervanging van die meer as 170 verskillende logo's wat tans oor die hele instelling gebruik word), en dat **maroen** die vernaamste institusionele kleur moet bly. Met die ontwikkeling en inwerkingstelling van die Eeufeeshandelsmerkidentiteit in 2017/18 is daar reeds 'n **moratorium** op die ontwikkeling van enige verdere individuele entiteitsidentiteite geplaas.

Om vir die ontwikkeling van die **(i) handelsmerkposisioneringstrategie** voor te berei, is meer as 120 institusionele dokumente en opnames deur Boomtown oorweeg, hoewel die US se *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* die hoofrigsnoer was. Die Rektorat het op 3 Februarie 'n eerste voorlegging ontvang om hulle kommentaar in te win en goedkeuring vir die algemene denkrigting te bekom. Die skakelingsproses het in die week van 4–7 Februarie 'n aanvang geneem met verskillende belanghebbendegroepe, waaronder Maties Sport, vier dekane, twee studentefokusgroepe en 'n saamgestelde sessie van die HVG en die Institusionele Narratief-adviesgroep.

Die handelsmerkposisionering en -narratief, tesame met die voorgestelde rigting vir die **(ii) visuele identiteit**, is op 13 Februarie by die Institusionele Beplanningsforum voorgelê. Die kompleksiteit van die proses is ook uitgelig: Die uitdaging is om die erfenis en statuut van die seremoniële wapen te behou, die heraldiese simboliek te hanteer en terselfdertyd 'n vereenvoudigde wapen te skep om die US se toekomstposisionering uit te beeld. Die projekspan het waardevolle kommentaar vir oorweging en verdere ontwikkelingswerk ontvang, waarna nóg oorlegpleging sal volg.

Innovus het intussen 'n **handelsmerkbeampte**, mnr Gert van Deventer, aangestel. Hy sal die daaglikse bedrywighede vir die toepassing van die US se Handelsmerkbeleid behartig en die US se naam, beeld en reputasie in pas met die Universiteit se handelsnaam bevorder en beskerm. Dít is 'n belangrike strategiese aanstelling noudat die US juis besig is om sy handelsmerk te vernuwe.

Die **navorsingsfase** van die **(iii) US-webtuisteherontwikkeling** het in November begin. Insigte wat verkry word, sal die ontwerp, strategie en bedryfsmodel van die nuwe US-webtuiste rig. US-webgebruikers is genooi om [aan 'n opname deel te neem](#). Die navorsingsfase sal in April ten einde loop en die finale verslag sal in Mei beskikbaar wees. Die navorsingsverslag sal kerninsigte vir die ontwikkeling van die webstrategie voorsien. Daarbenewens sal dit die werksbestek bepaal op grond waarvan 'n diensverskaffer teen die einde van 2020 vir die webontwerp en tegniese ontwikkeling aangestel sal word.

## 1.7 US kry Sentrale Kantoor vir Konferensies en Geleenthede (SEKO)

Die US bied vele opwindende kommersialiseringsgeleenthede, veral in die lig van sy sterk handelsmerk, reputasie en wêreldklasfasiliteite. Dit kan tot die instelling se vyfde geldstroom bydra. Een so 'n geleentheid is om die kommersiële aanbod van korttermynverhuring van US-fasiliteite sowel as konferensies uit te brei.

Ons Bedryfshoof, prof Stan du Plessis, het in Februarie 2019 'n taakgroep op die been gebring om hierdie saak te ondersoek. Die groep het uit kernbelanghebbendes van die afdelings Finansies, Fasiliteitsbestuur, Maties Sport en die Sentrum vir Besigheidsintelligensie bestaan. Die inisiatief is deur die Strategiese Projekte-span van Innovus gekoördineer. Die Rektoraat het die taakgroep se verslag ontvang en sy steun toegesê aan die uitbou van korttermynverhuring en konferensies, asook aan die direktief om 'n beleid hieroor op te stel.

Die US se nuwe Sentrale Kantoor vir Konferensies en Geleenthede (SEKO) het sy deure amptelik in Januarie 2020 geopen nadat finansiering in November 2019 van die SUNKOM-ontwikkelingsfonds verkry is. Die Kantoor sal op kliënte-ervaring konsentreer, en sal binnekort 'n omvattende oorsig van alle korttermynverhuring in die US se fakulteite kan voorsien. Die doel is om **inkomste** uit korttermynverhuring en konferensies van 'n geskatte R5 miljoen in 2019 (wat uit die Adam Small-teaterkompleks, die Konservatorium, Maties Sport, verfilming en konferensies verdien is) teen 2023 tot sowat R13 miljoen te **verhoog**.


SEKO het US-omgewings tot dusver bygestaan om agt internasionale konferensies vir 2020/21 en een vir 2024 te bekom. Die Kantoor het ook R3,4 miljoen in bodsteunfinansiering van SA Toerisme vir hierdie konferensies gekoördineer. Wat korttermynverhuring betref, ondersteun SEKO tans die Adam Small-teaterkompleks, die Konservatorium en Maties Sport.

## 1.8 Internasionale fondswerwing


Die internasionale fondswerwingspan van Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge (OAB) het die afgelope jaar saam met kernbelanghebbendes van die US en ons buitelandse verteenwoordigers 110 internasionale skakelings onderneem. Die doel was om die US 'n sterker internasionale teenwoordigheid te gee, bestaande verhoudings te versterk, finansieringsgeleenthede en moontlike samewerking te ondersoek en waardevolle insigte te kry. Dit het verskeie ontmoetings met bestaande en voornemende skenkers en vriende van die Universiteit in 24 stede in Europa, Noord-Amerika en Australië ingesluit.

	2017	2018	2019
<b>Besoeke</b>	8	11	12
<b>Stede</b>	29	21	24
<b>Vergaderings</b>	86	84	110

Die 24 stede wat besoek is, is versprei oor 13 lande. Die Verenigde State (VSA) blyk die aktiefste van dié gebiede te wees wat getal besoeke en skakelings betref. Bedrywighede daar het van drie besoeke en 20 skakelings in 2018 tot ses besoeke en 42 skakelings in 2019 toegeneem.




Alumniskakeling met die oog op fondswerwing het in 2019 dermate toegeneem dat oudstude te die grootste enkele bearbeide groep was:



### Internasionale skenkings

Teen die einde van Desember 2019 het die US internasionale skenkings ten bedrae van **R50,2 miljoen** vir die jaar ontvang teenoor **R49,1 miljoen** in 2018.

Altesaam **71 entiteite** het **R47,4 miljoen** bygedra en **163 individue** het **R2,8 miljoen** geskenk. Die grafieke hieronder vergelyk die syfers vir 2019 en 2018:



Die voorste vyf skenkerorganisasies en -entiteite was die Andrew Mellon-stigting (VSA), die AIMS Next Einstein Initiative-stigting, die Moshal-beursprogram (albei van die VK), Shining Century Holdings Beperk (China) en die Alexander von Humboldt-stigting (Duitsland). Dié vyf was verantwoordelik vir **44,6%** van alle bydraes deur internasionale organisasies en entiteite.

Die voorste vyf individue het op hulle beurt **78,4%** van alle internasionale individuele bydraes uitgemaak. Drie van hierdie individue is in die Verenigde Koninkryk (VK), en twee in die VSA.

### 1.9 Groot individuele skenkings

Die Kanselierskring van groot skenkers bly daartoe verbind om die US te ondersteun. Hierdie individue het teen 26 Februarie altesaam **R78 miljoen** geskenk – ’n rekord vir individuele skenkings in die eerste kwartaal van ’n fondswerwingsjaar. Skenkers en die sake wat hulle ondersteun het, is soos volg:

- Johann en Gaynor Rupert – vir die ontwikkeling van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool, en vir die Russel Botman-beursfonds
- Ton Vosloo en Anet Pienaar-Vosloo – vestiging van die leerstoel in Afrikaanse taalpraktyk
- GT en Mickey Ferreira – vir hulle beursfonds (sluit drie nuwe beurse vir rugbytalent in)
- Michiel le Roux – vir die Buro vir Ekonomiese Onderzoek
- George en Miets Steyn – vir die Regsfakulteittrust en die Martie van der Linde-beursfonds
- Erna Meaker – vir die Fidelis-beursfonds
- Paul Meaker – ter ondersteuning van die Cato Meaker-beurs in Maatskaplike Werk
- Ball-familie – vir beurse
- Niel Hoogenhout – vir Eenheid vir Morele Leierskap en Kantoor vir Morele Vorming, Ekklesia
- Micky Ferreira – vir die Stellenbosse Internasionale Kamermusiekfees
- André Coetzee – vir die Regsfakulteittrust
- Louis Simon – vir Stellenbosch Trust
- Carel van der Merwe – vir beurse
- Craig Tingle – vir beurse

As ’n instelling, is ons opreg dankbaar vir hierdie filantropiese skenkings.

## 1.10 Maties laat wiel

Dit was 'n vreugde om deel te wees van die Maties-span wat op 8 Maart aan die Kaapstadfietsstoer deelgeneem het om geld in te samel vir #Move4Food, die Universiteit se inisiatief om voedselonsekerheid onder ons studente die hoof te bied.

Raadskollega mnr Charl Cillié het ook die wedren vir hierdie verdienstelike saak aangepak. Ons het uiteindelik 'n span van 60 personeellede, studente, alumni en vriende van die Universiteit gehad.

Ons het in volmaakte weer weggespring, en hoewel dit teen die einde effens moeiliker geraak het, was die ondersteuning langs die pad fantasties. Ons US-hemde het wye positiewe reaksie uitgelok.

Alumnibetrekkings het fietsryers en alumni by 'n US-tent in die gasvryheidsgebied by die wenstreep onthaal. Hier het 'n gees van feestelikheid en goedgesindheid teenoor ons instelling geheers.

Ons fondswerwing op die GivenGain-platform (<http://bit.ly/Move4Food-projects>), wat van die portuurmodel gebruik maak, duur voort.



*Van die Maties wat ten bate van #Move4Food aan die Kaapstadfietsstoer 2020 deelgeneem het, van links Jurie Erwee, Braam, Wim en Gera de Villiers, en Charl Cillié.  
Foto: CHANTÉ DU TOIT*

## 1.11 Die US in die nuus (12 November 2019 tot 9 Maart 2020)

**Algemene nuusdekking:** Die US het van November 2019 tot Februarie 2020 die **meeste nuusbrokkies** van alle universiteite in Suid-Afrika gehad. So sê die datastel van die mediamoniteringsagentskap PEAR. Ons het ook van November tot Januarie die toon aangegee wat nuusbrokkies in die onderafdeling “**Navorsing en innovasie**” betref.

Een van verlede jaar se grootste stories vir die US uit 'n mediadekkingshoek was die [Konstitusionele Hof se uitspraak ten gunste van die US Taalbeleid](#) (Oktober). Aan die negatiewe kant het bewerings dat ek by regsprosesse wou inmeng deur regter Edwin Cameron te probeer oorreed om 'n benoeming vir die amp van US Kanselier te aanvaar egter óók die nuus gehaal. Die daaropvolgende bevinding van 'n onafhanklike ondersoek ([Fourie-verslag: bewerings teen Rektor ongegrond](#)) en die bedanking van die voorsitter van die Konvokasie het heelwat mediaberigte tot gevolg gehad. Daarbenewens het 'n advokaat van Knysna, Johan Bruwer, in Februarie 'n klag teen die Kanselier by die Regterlike Dienskommissie (RDK) ingedien, waaroor die media ook wyd berig het.

Van ons **navorsingsartikels** wat in die verslagtydperk goed gevaar het in die media verskyn hieronder. (Kortheidshalwe word slegs 'n paar skakels na eksterne media gegee. 'n Volledige lys is beskikbaar op versoek.)

- Studie toon hoe mense 'bestuurder uit die hel' hanteer ([www.netwerk24.com](http://www.netwerk24.com), [www.iol.co.za](http://www.iol.co.za), [Witness](#))
- Self-regulerende intervensie tem oormatige media-multitaakverrigting ([Die Burger](#), [Volksblad](#), [Beeld](#), [SmileFM](#))
- So kan mense insekte help bewaar / Wetenskaplikes ontwikkel padkaart vir wêreldwye insekbewaring ([Citizen](#), [www.iol.co.za](http://www.iol.co.za), [Eikestadnuus](#), [Cape Times](#), [Cape Argus](#))
- Hardop voorlees die grondslag van geletterdheid ([Cape Argus](#))



Ons **Desember-gradeplegtighede** het 'n ryk oes van artikels opgelewer (volledige lys skakels beskikbaar op aanvraag):

- Ontmoet Dr Insekboer! (Paarl Post, Cape Times, Cape Argus, Die Burger)
- US vereer John Kani met eredoktorsgraad (www.ewn.co.za, CapeTalk, Radio702, The Mercury, Cape Times, Star, Die Burger, Cape Times, Cape Argus, Daily News)
- Gesiggestremdheid verhinder nie Loandrie om te presteer nie (maroelamedia.co.za, Die Burger, Cape Times)

Uit 'n **institusionele** oogpunt is die artikel Vosloo-egpaar belê in US-leerstoel in Afrikaanse Taalpraktyk (Eikestadnuus, Radio Tygerberg, www.litnet.co.za) besonder goed ontvang. 'n Gewilde gesprekspunt in die media was natuurlik die besluit om 'n tydelike verbod op alkohol in US-koshuise te plaas. Die US Koor, wat weer boaan die prestigeryke Interkultuur-wêreldranglys pryk, het ook goeie dekking ontvang.

**Denkleiers:** Akademiese personeellede gaan voort om US-navorsing vir eksterne gehore toeganklik te maak deur denkleierskapsartikels vir The Conversation te skryf. In die verslagtydperk het 25 US-skrywers 23 artikels die lig laat sien, wat gesamentlik meer as 280 000 keer gelees is. Van dié lesers was 26% in Suid-Afrika en 38% in die Verenigde State.

Personeellede en studente van die US het ook weer etlike **meningsartikels, hoofartikels en berigte** geskryf (sien BYLAAG). Die mediakantoor in Korporatiewe Kommunikasie het die media van **kennerslyste** in verband met onder andere die Staatsrede en die Minister van Finansies se begrotingstoespraak voorsien.

### 1.12 'Matieland'-tydskrif

Die tweede uitgawe van die US se korporatiewe tydskrif *Matieland* vir 2019 is in Desember onder alle alumni en ander belanghebbendes versprei. Dié uitgawe handel oor die US se werk om 'n transformerende studente-ervaring te bevorder. Artikelonderwerpe sluit in die kortkursus oor ubuntu, "spelifikasie" (*gamification*) in onderrig, die impak van navorsing, en 'n samewerkingsprojek in Enkanini op Stellenbosch. [Klik hier](#) vir die elektroniese weergawe.

### 1.13 Transformasiekommunikasie

Die Transformasiekantoor het 'n basiese handleiding oor transformasiekommunikasie by die US saamgestel. Die handleiding sal kollegas die Universiteit se kommunikasienetwerke help benut om te sorg dat die instelling se transformasiewerk wyer op verskillende mediaplatforms versprei word.

### 1.14 Kampusvernuwing

Die Projekbestuurskantoor in die Afdeling Fasiliteitsbestuur behartig tans bouprojekte ter waarde van meer as R2 miljard. 'n Vorderingsverslag oor 'n paar van die grootste projekte volg hieronder.

#### Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI)


Die BMNI-projek is op koers en die installering van die Hamilton BiOS-bewaarstelsel is byna klaar. Dit is 'n ultramoderne stelsel vir die geoutomatiseerde berging van biologiese monsters by -80 °C.

#### Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese-gebou

Die uitgebreide interne konstruksieopknappings aan die Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese-gebou is voltooi. Die raamwerkkontrakteur, GVK-Siya Zama, bring nou die finale toerusting en afwerkings aan. Geboudienste word geïnstalleer. Die nuwe lesingruimtes en rekenaargebruikersareas wat geskep is, sal toekomstige groeipotensiaal vir Ingenieurswese ontsluit.

## Elektriese en Elektroniese Masjienlaboratorium en binnehof

Hierdie projek bestaan uit twee afsonderlike fases. Vir die eerste fase is die binnehof opgeknop om as oorspoelruimte te dien vir tutoriaalklasse gedurende die konstruksie van fase 2. Die tweede fase behels groot opknappings aan die ou Masjienlaboratorium behels. Werk vorder fluks. Die nuwe Masjienlaboratorium bied 27 nuwe werkstasies vir tutoriale en praktiese klasse.



*Die nuwe, uitgebreide tussenverdieping van die Elektriese en Elektroniese Masjienlaboratorium.*



*Nuwe Plaveiselaboratorium in aanbou.*

## Nuwe Plaveiselaboratorium van Siviele Ingenieurswese

Die raamwerkkontraakteur, GVK-Siya Zama, het teen die einde van November 2018 met bouwerk begin. Werk is al in 'n gevorderde stadium. Strukturele werk is klaar, en die eksterne en interne afwerkings word tans aangebring. Die Plaveiselaboratorium sal die Fakulteit Ingenieurswese bykomende lesingruimte en groeipotensiaal bied.

## Helshoogte

Fase 2 van die Helshoogteprojek, wat dié koshuis se getal beddens vir 2020 tot 270 verhoog het, is klaar. Studente het op 20 Januarie die kamers begin betrek. Die ingangsportaal is ook verander om aan die jongste toegangsvereistes te voldoen. Fase 3 is nou in aanbou. Dit sluit opknappings aan die eetsaal en die gemeenskaplike oop ruimtes op die vierde verdieping in.

## Jan Mouton Leersentrum

Die Jan Mouton Leersentrum nader voltooiing. Die hoofkontraakteur, Group Five, bly onder sakeredding, maar die hoofboukontrak behoort teen die einde van Mei voltooi te wees, mits daar niks voorval nie. Ons wil steeds graag die hele projek teen Julie afgehandel hê vir okkupasie in die tweede semester.

## Huis ten Bosch

Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge het kort ná die [brand in Huis ten Bosch op 12 Augustus 2019](#) 'n skenkingsblad op die skarefinansieringsplatform GivenGain geskep om studente by te staan wat die ergste deur die brand geraak is. Skenkings ter waarde van R81 525 is ontvang. Marsh, 'n versekeringsmakelaar en risikobestuursfirma, het splinternuwe skootrekenaars geskenk aan die 15 inwoners wat hulle s'n verloor het. Ons is baie dankbaar vir al die hulp.

Die ongeveer 97 senior studente wat ná die brand dakloos gelaat is, is ingeneem in privaat huisvesting, 'n studentehuis en 'n afsonderlike vleuel van Huis Marais, wat sedertdien "Huis ten Bosch 2020" gedoop is om as 'n tydelike tuiste vir Huis ten Bosch-inwoners te dien.





*Die ingang van "Huis ten Bosch 2020", 'n aparte vleuel van Huis Marais.*

Studente kon ook kies om by ander koshuise in te trek. Huis ten Bosch 2020 kon vanjaar sowat 18 eerstejaars inneem. Studente sal in 2021 'n ten volle opgeknapte Huis ten Bosch kan betrek.

Huis ten Bosch is op 2 September 2019 formeel aan die kontrakteurs oorhandig vir herstelwerk. Die herbouing van die beskadigde gedeelte is byna klaar. Alle deure en rame op die tweede en derde verdieping is verwyder en die installering van nuwe branddeure en -rame is aan die gang. Die nuwe weergawes voldoen aan die jongste brandregulasies. Dakteëls is vervang en 'n nuwe dakonderlegsel en -isolasië is aangebring. Bykomende struktuurverspanning is ook onderneem.



*Herbouwerk in volle gang*



*Nuwe elektriese en data-installasie in een van die kamers*

Elektriese installeerwerk het begin nadat Fasiliteitsbestuur, ons Afdeling IT, Eiendomsdienste, SUNKOM en verteenwoordigers van Huis ten Bosch 'n voorbeeldkamer goedgekeur het. Voor die brand het elke kamer slegs een dubbele driepuntsok gehad. Die nuwe installasie sal 'n toegewyde yskassok vir elke kamer insluit, en twee isoleerders vir toekomstige muurverwarmers. Elke studentebed sal ook toegang hê tot een datapunt, twee driepuntsokke en twee "plat" (slimline) sokke.

'n Algehele nuwe IT-installasie word ook vir die hele koshuis beplan.

'n Groot nuwe byvoeging is die kombuisies op elke verdieping, wat studente 'n veilige ruimte bied om hulle eie kos in voor te berei.

Die bestaande houtvloer in die eetsaal, wat die einde van sy leeftyd bereik het, sal vervang word. Die substruktuur sal behou en, waar nodig, herstel word, en nuwe vloerventilasie word ook geïnstalleer.

'n Onvoorsiene probleem wat met die aanvang van bouwerk ontdek is, is dat die houtvloere van die helfte van die kamers op die tweede verdieping vervang moet word. Die bekostigbaarheid van liggewigbetonvloere word tans ondersoek.

### Alumniverwelkomingsentrum

Met ons besoeke aan ander universiteite wêreldwyd het ons opgemerk dat internasionaal mededingende instellings gewoonlik 'n alumniverwelkomingsentrum het. Hierdie fasiliteit bied die eerste kontakpunt vir alumni wat na hulle alma mater terugkeer. Dit skep 'n verwelkomende omgewing wat verhoudings help bou, inligting voorsien, as 'n poort na die alumninetwerk dien en alumni-handelsware en kampustoere aanbied. Kortom dien dit as 'n tuiste vir alumni op kampus.

Ons het besluit om so 'n fasiliteit te skep vir Maties wat na die US terugkeer. Ontwikkeling en Alumnibetrekkings werk tans saam met Fasiliteitsbestuur om 'n **Alumniklub by Die Stal te Coetzenburg** te skep. 'n Amptelike bymekaarkompunt is belangrik om bande te smee en verhoudings tussen alumni en personeellede te bou, en Die Stal is die ideale plek daarvoor. Opknappingswerk vorder goed.

### 1.15 Internetinfrastruktuur

Daar is tans **35 IKT-netwerkinfrastruktuurprojekte** op PlanOn geregistreer. Dit wissel van die ontwerp van gebounetwerkmeesterplanne tot algehele gebounetwerkopknappings. Geboue op Stellenboschkampus wat deur hierdie projekte geraak word, is Admin A, B en C, Natuurwetenskappe, Sportwetenskap, die US Biblioteek, die PO Sauer-konservatorium, Geologie, Joernalistiek en die Regskliniek. Op Tygerbergkampus word die Studentesentrum en die Onderwys- en Kliniese geboue beïnvloed. Die prioriteite is 'n veselroete na die onderskeie geboue, lokaleareanetwerk- (LAN-)kamers, hoofnetwerkkroetes en volledige WiFi-dekking.

**Optieseveselverbinding**s word tans geïnstalleer om hoëspoeddataoordrag op kampus moontlik te maak, soos tussen die laboratoriums van die Sentrale Analitiese Fasiliteit en die IT-datasentrum, waar die hoëprestasierekenaarkluster en datastore geleë is. Die Universiteit neem ook deel aan proewe op die gebied van nasionale en internasionale hoëspoeddataoordrag. Die sneldataoordrag van data is 'n vereiste vir internasionale navorsingsvennootskappe én om data na wolkgebaseerde dataverwerkingsdienste oor te plaas.

Die **US-internetnetwerk** strek oor drie hoofkampusse en 'n paar ander terreine waar US-personeellede werk. Dit bestaan uit meer as 2 000 skakelaars en 3 600 WiFi-radio's wat meer as 100 geboue verbind. Daar is tans 22 212 draadtoestelle (rekenaars) en 94 528 WiFi-toestelle aan die netwerk gekoppel. Die Universiteit het 'n **internetverbinding** van 10 Gigabits per sekonde (Gb/s) deur TENET wat binnekort tot 100 Gb/s verhoog sal word. Vir die konfigurasie van hierdie internetverbinding is daar op 'n ringtopologie besluit om die nodige ondersteuning te bied ingeval die verbinding onklaar raak. Bykomende VOX Telecom-rugsteunaansluitings vir Tygerberg- en Bellvilleparkkampus is aan die kom.

'n Projek om **koshuise met volledige WiFi-dekking** toe te rus is in 2017 van stapel gestuur. Van die uitdagings was koshuisuitleg, wat die WiFi-radio-opvanggebied beperk het, en dat kontrakteurs slegs gedurende vakansietye kon werk. Nietemin is die projek nou byna klaar. WiFi-installering by die meeste koshuise is die afgelope Desember vakansie voltooi, buiten 'n paar gevalle wat unieke uitdagings ingehou het. Meer as 1 500 WiFi-radio's is vir die projek geïnstalleer.

### 1.16 Nuwe hoëprestasierekenaarkluster

Die US se hoëprestasierekenaarkluster, HPC2, is met 'n nuwe kluster, **HPC3**, vervang. Die ou een het onstabiel geraak en navorsing en onderrig begin kniehalter. Met HPC3 kan studente nou toegerus word met die regte vaardighede vir die Vierde Nywerheidsrevolusie, soos die ontleding van groot datastelle.

Die nuwe kluster word gefinansier deur die Sentrum vir Bio-informatika en Berekeningsbiologie, die Sentrale Analitiese Fasiliteit en IT. Dit bestaan uit berekeningsnodusse, groot geheuenodusse en stoorplek. Dit sal ook by die US Navorsingsentrum geïntegreer word.

Tog het die US nie 'n terreinrekenaarkluster bo 'n wolkrekenaaroplossing gekies nie. Albei benaderings word gevolg. Die wolk, wat toegang tot die nasionale Sentrum vir Hoëprestasieberekening insluit, word gebruik vir groot take en om spitsbehoefte te bestuur. Ons eie rekenaarkluster word op sy beurt gebruik vir nagraadse studente wat die hulpbronne kortkom om op die wolk te werk, en vir navorsers om kleiner modelle te bedryf, en modelle te bou en te toets voordat dit na die wolk oorgeplaas word.

Die US neem deel aan die [Ilifu](#)-konsortium, wat 'n Wes-Kaapse navorsingsdatabewaarplek binne die raamwerk van die nasionale projek [DIRISA](#) (die inisiatief vir data-intensiewe navorsing in Suid-Afrika) op die been gebring het. Die streeksplatform is bedryfsgereed en fokus hoofsaaklik op data op die gebied van Bio-informatika en Sterrekunde. US-navorsers kan nou hierdie fasiliteit begin gebruik. Ons beoog om hierdie tipe streeks- en nasionale hulpbronne al hoe meer te benut om die US se navorsing te versterk.

### 1.17 IT-sekuriteit, -risiko en -voldoening

As deel van ons interne ouditplan het Deloitte aan die begin van 2019 'n kubervermoëstudie by die US gedoen. Altesaam 26 gebiede is vir onmiddellike hantering uitgewys en by 'n risikoverbeteringsprojek ingesluit. Om enige daaropvolgende veranderinge in die Universiteit se blootstelling aan kubergevare te identifiseer, sal 'n kuberrisikobepaling in die eerste kwartaal onderneem word.

'n Kommerwekkende **2 910 kuberverwante voorvalle** (uitvissing, indringerware en rommelpos) is in 2019 aangemeld. Om hierdie kwessies te hanteer, het die US onder meer Microsoft Office 365 **Advance Threat Protection** (ATP), 'n wolkgebaseerde e-posfilterdiens, aangeskaf.

Daarbenewens is die bedryfsproses vir die aanmelding van kubersekuriteitsvoorvalle geoutomatiseer en 'n voorvalbestuursproses afgehandel. 'n IT-risikoregister is geskep om tred te hou met IT-, projekverwante en bedryfsrisiko's, met inbegrip van 'n hiërargie vir eskalasie. Boonop beskik die US nou oor 'n formele risikoregistrasieproses, en IT-belanghebbendes het opleiding ontvang.

### 1.18 Beter bedryfsvermoëns en -dienste by IT

Die US se Afdeling IT het verskeie projekte van stapel gestuur om die aanbevelings uit die **hersiening** van sy **dienslewingsmodel** verlede jaar in werking te stel. Hierdie projekte is oor alle bedryfsaktiwiteite versprei, en baie daarvan val op die gebied van algemene steundienste.

Projekte hou verband met IT-projekbestuur, IT-sekuriteit, -risiko en -voldoening, IT-argitektuur, IT-dienste en -bedryfwighede (dienskantoor, IT-naaf, eindgebruikersteun), media en kommunikasie, sagtewarelisensiëring, en opleiding vir IT-dienste en -bedryfwighede.

### 1.19 Gesondheidsbewustheid

Een van ons Kampusgesondheidsdiens se strategiese doelwitte is om te sorg dat US-personeellede en -studente behoorlik ingelig en opgevoed word oor gesondheid- en welstandsonderwerpe, en om aktiwiteite aan te bied wat 'n gesonde kampusgemeenskap help bou. Gesondheidsinligting word deur middel van gevestigde **sosialemediaplatforms** versprei. Die getal volgelingen van hierdie plasinge op Twitter het in die verslagtydperk met 7% toegeneem, en met 8,4% op Facebook.

Die **inligting** wat die afgelope tyd **versprei** is, het handel oor diabetes en die gevaar vir jou retina (tesame met 'n skakel na 'n mobiele toepassing om die risiko van retinasiekte te bepaal), geestesgesondheid, borskanker, 'n gesonde leefstyl, asook die Internasionale Dag van Persone met Gestremdhede, Wêreldkankerdag, Internasionale Epilepsiedag en Swangerskapsdag.

KGD plaas ook **opvoedkundige webinhoud** in pas met die Wêreldgesondheidsorganisasie se gesondheidskalender. Die volgende artikels het in die verslagtydperk verskyn: [Internasionale Antibiotikabewustheidsweek](#), [Wêreldvigsdag](#), [Wêreldgestremdheidsdag](#), [Koronavirus: Wat ons tans weet](#), en [Wêreldkankerdag](#).

## TEMA 2: 'n TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) lui soos volg oor 'n **transformerende studente-ervaring**: “Met hierdie voorneme wil ons toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as 'n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul.” Dit behels ook “die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

### 2.1 Studentewerwing

Met 'n doelgerigte klem op sowel diversiteitswerwing as die werwing van akademiese toppresterders vir die US, het die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies (op grond van aansoek- en registrasiedata) 'n lys van **500 prioriteitskole** vir aktiewe bearbeiding in 2020 opgestel. Die teikengehore sluit leerders, ouers, opvoeders en distriksamptenare in.

Vanjaar se studentewerwingsiklus met die oog op 2021 het in die eerste kwartaal met meer as 110 skoolbesoeke begin. Inligtingsessies is by skole deur die hele land gehou, waaronder distrikte in die Wes-Kaap, Pietermaritzburg en omgewing, Port Elizabeth en Grahamstad, Gauteng, Bloemfontein en Kimberley. Met hierdie geleentheid het ons ongeveer 10 000 graad 11- en graad 12-leerders bereik.

Die jaarlikse **Opedag** vir voornemende studente op Saterdag 29 Februarie het besonder goeie aftrek geniet. Meer as 6 500 besoekers het vir die geleentheid op Stellenboschkampus opgedaag, terwyl 'n verdere 3 000 Tygerbergkampus besoek het. Hierdie kampusgeleentheid – die hoogtepunt op die jaarlikse studentewerwingskalender – het leerders, ouers en onderwysers wêreld geleentheid gebied om personele en huidige studente te ontmoet, inligtingsessies by te woon en ook die kampusleefstyl persoonlik te ervaar. [Klik hier](#) vir 'n kort video-oorsig.

### 2.2 Registrasie 2020


Korporatiewe Kommunikasie en die kantoor van die Adjunkregistrator het saamgewerk om 'n nuwe [webtuiste vir registrasie en fooie](#) te skep. Die doel was om nuwelinge en terugkerende studente toegang te bied tot volledige en akkurate inligting oor die registrasieproses, klas- en koshuisheld, betaalmoontlikhede en NSFAS. Die webtuiste het ook 'n aflaaibare registrasiehandleiding ingesluit. Die nuwe registrasiewebtuiste het van 15 Desember 2019 tot 3 Februarie 2020 altesaam 30 130 besoeke ontvang.

Soos laas, het die Registrateursafdeling ook weer **rekenaars by die ingang** van die Admin A-gebou geplaas. Onsuksesvolle aansoekers kon hier op die DHOO se CACH- (“Central Application Clearing House”-)databasis registreer, wat 'n alternatiewe meganisme bied om toegang tot geleentheid by ander instellings te bekom.

### 2.3 Voorgraadse inskrywings


Registrasie het op 15 Januarie 2020 geopen en amptelik op 14 Februarie gesluit. Voorgraadse inskrywingstatistieke – onder meer vir nuwelinge eerstejaars (NE's) – word hieronder saamgevat. ([Klik hier](#) vir die volledige verslag, wat fakulteitstatistieke insluit. Hierdie inligting is beskikbaar op die [webtuiste van die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur](#), saam met 'n magdom ander institusionele data.)

## Nuwelingeerstejaar- (NE-)inskrywings




↓ 4% 2020: Werklike totale getal NE-inskrywings 4,1% onder **Junie-teiken**

↑ 3% Werklike totale getal NE-inskrywings vir vanjaar 3,2% meer as in **2019**




↓ 9% 2020: Werklike getal BSIA-NE-inskrywings 9,2% onder **Junie-teiken**

↑ 7% Werklike getal BSIA-NE-inskrywings vir vanjaar 6,5% meer as in **2019**




↓ 1% 2020: Werklike getal wit of onbekende NE-inskrywings 0,6% onder **Junie-teiken**

↑ 1% Werklike getal wit NE-inskrywings vir vanjaar 1,3% meer as in **2019**




↓ 2% 2020: Werklike % BSIA twee persentasiepunte onder **Junie-teiken**

↑ 1% Werklike % BSIA vir vanjaar 1,2 persentasiepunte hoër as in **2019**




↓ 3% Drie persentasiepunte daling in % Afrikaans van 2019 tot 2020




↓ 4% Vier persentasiepunte daling in % NE's wat graad 12 met 'n gemiddelde van **≥80** geslaag het van 2019 tot 2020


## Voorgaadse (VG) inskrywings



↑ 1% 0,9% styging in getal VG inskrywings van 2019 tot 2020 (4,1% styging in BSIA, en 1,0% daling in wit of onbekend)



↑ 1% Styging van een persentasiepunt in % BSIA van 37,8% in 2019 tot 39,0% in 2020



↓ 2% Daling van twee persentasiepunte in % Afrikaans van 2019 tot 2020

## 2.4 Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente (NSFAS)

Die volgende tabel bied 'n samevatting van die NSFAS-finansiering wat van 2017 tot 2020 ontvang is en die getal studente wat in daardie tydperk gefinansier is. Dit toon ook die geskatte bedrae wat NSFAS nog die US skuld.



	2017	2018	2019	2020
<b>Getal studente gefinansier *</b>	1 172	2 716	3 262	3 806
<b>Geskatte bedrag ontvang</b>	R116,2 m	R183,2 m	R281,5 m	R50 m**
<b>Geskatte bedrag uitstaande</b>	R1,05 m	R12,2 m	R5,5 m	R330,6 m

*\*Sommige studente wat in 2017, 2018 en 2019 vir NSFAS-finansiering in aanmerking gekom het, het steeds nie dié geld ontvang nie. Die lyste van studente wat vir 2020 gefinansier word, is nog nie gereed nie, so die getal gefinansierde studente kan steeds effens toeneem.*

*\*\*Die US het in Januarie 'n R50 miljoen-voortuitbetaling van NSFAS ontvang vir uitbetaling van toelaes.*

**Bystand met NSFAS-aansoeke vir nuwe studente en inloopaansoekers vir 2020:** Hoewel dit duidelik gemaak is dat die aanlyn NSFAS-aansoekproses nie in Januarie sou heropen nie, het die DHOO wel 'n ondersteunende verwerkingsproses toegelaat sodat studente wat reeds vir 2020 by 'n openbare universiteit geregistreer het en aan die NSFAS-kriteria voldoen, vir DHOO-finansiering oorweeg kon word. Dít was weens die moontlike onderinskrywing van nuwelingstudente. Hierdie proses het op 14 Februarie gesluit.

**Afsluiting van NSFAS-finansieringsiklusse van 2017 en 2018:** Afgesien daarvan dat NSFAS sy algemene verpligtinge in die finansieringsiklus van 2019 nagekom het, het die skema ook vordering gemaak met die instelling van behoorlike oorsigbestuursmaatreëls en stelselverbeteringe. Universiteite Suid-Afrika het instellings boonop aangemoedig om hulle eie interne stelsels wat by dié van NSFAS inskakel te versterk.

Nogtans moet die finansieringsiklusse van 2017 en 2018 nog afgesluit word. 'n Geskatte 200 000 studente landwyd het tans finansiering uitstaande. Die meeste van hierdie gevalle hou verband met datavasleggingskwessies en word in samehang met die betrokke instellings hanteer. By die US moet NSFAS nog sy finansieringsverpligtinge van 2017 en 2018 teenoor 149 studente nakom, wat 'n domino-effek het op die voortsetting van finansiering vir hierdie studente.

**Aanvullende finansiering en historiese skuld:** IT-stelseluitdagings by NSFAS in 2018 en 2019 het aanleiding gegee tot onvolledige finansieringseise vir individuele studente wie se klaggeld en huisvestingsomstandighede verander het. Instellings is gevolglik versoek om hierdie eise onder die kategorie vir aanvullende finansiering in te dien. Daarbenewens kom senior NSFAS-studente wat in 2018, voor die inwerkingstelling van die nuwe DHOO-beursskema, reeds finansiering ontvang het, in aanmerking vir toelaes, onderworpe aan 'n finansieringsperk. Hierdie beperkte bedrae dek egter nie volle studiekoste nie, en studente het dus historiese skuld opgeloo. Instellings is gevra om die finansieringskategorie vir historiese skuld te gebruik om hierdie uitstaande bedrae te eis. Die US het sy eise soos in die tabel hieronder ingedien, maar wag nog op betaling:

	<b>Aanvullende finansiering</b>	<b>Historiese skuld</b>
Getal studente	1 057	322
Bedrag	R19 677 925	R8 680 017

## 2.5 Werwingsbeursprojek

Die werwingsbeursprojek is een van die Afdeling Studentetoegang se vernaamste diversiteitsverbeteringsinisiatiewe. Die sentrums vir Studentewerwing en Loopbaanadvies, Voorgaadse Finansiële Steun, Toelating en Koshuisplasing sowel as Kliëntediens voeg elke jaar hulle hulpbronne saam om toppresteerderstudente uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-) groepe vir die US te werf.

Vir die inname van 2020 is 787 werwingsbeurse aan voorlopig toegelate studente aangebied, van wie **573 die aanbod aanvaar** het. Altesaam 214 kandidate het die werwingsbeurse van die hand gewys, hetsy omdat hulle elders 'n beter beursaanbod ontvang het of omdat hulle uitslae in die matriekeindeksamen nie aan die vereistes voldoen het nie. Van die verwagte getal registrasies onder werwingsbeursontvangers het **72%** uiteindelik by die US geregistreer.

## 2.6 Finansiële bystand vir studente uit die 'ontbrekende middel'

Studente uit huise met 'n algehele jaarlikse bruto huishoudelike inkomste van R350 000–R600 000 word as die sogenaamde “ontbrekende middel” geklassifiseer. Vir hierdie studente stel die **Universiteit lenings** gelykstaande aan klasgeld beskikbaar. Studente moet aansoek doen en hulle ouers se inkomste staaf. Die lenings is rentevry solank die ontvangers studeer, en is terugbetaalbaar teen 'n vaste primakoers per jaar nadat hulle afstudeer.

Daarbenewens trek die US en ons studente steeds voordeel uit die Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (**ISFAP**). Altesaam 170 eerstejaar- en tweedejaarstudente op die gebied van ingenieurswese, rekeningkunde en geneeskunde het in 2019 **volkostebeurse** ter waarde van R21,7 miljoen vir die volle duur van hulle voorgraadse studie ontvang. Die ISFAP-beurstoekennings aan 'n nuwe kohort eerstejaars vir 2020 moet nog bevestig word.

## 2.7 Nuwe studente verwelkom

### 2.7.1 Kommunikasie

Korporatiewe Kommunikasie, Studentesake en ander rolspelers het 'n kommunikasieveldtog vir die verwelkomingsprogram van 2020 in werking gestel. Die doel was om alle voornemende studente maklike toegang tot volledige inligting oor die verwelkomingstydperk, studentesteundienste en ander kampusfasiliteite te bied.

Veldtoguitsette het ingesluit 'n bygewerkte [verwelkomingswebtuiste](#), wat van 15 Desember 2019 tot 3 Februarie 2020 altesaam 18 957 besoeke ontvang het; 'n massa-e-pos wat op 10 Desember aan alle voornemende studente gestuur is; 'n verwelkomingsbrosjyre; en plasinge op sosiale media om verwelkomingsinligting oor te dra.

### 2.7.2 Eerstegenerasieprogram

Die afdelings Studentesake en Studentetoegang het kragte saamgesnoer met die Sentrum vir Onderrig en Leer om op 20 en 21 Januarie die eerstegenerasieprogram opnuut bekend te stel. Die eerstegenerasieprogram is 'n **voorverwelkomingsgeleentheid** vir voornemende studente wat die eerste lede van hulle families is om tersiër te studeer. Twee-en-sestig studente van oor die hele Suid-Afrika het deelgeneem aan die program, wat verteenwoordigers van baie van die US se fakulteite op sowel Stellenbosch- as Tygerbergkampus ingesluit het. Die program, wat as SOAR (“Strengths, Opportunities, Agency and Resilience”) bekend is, het ook 'n aantal kontakssessies deur die hele jaar om tred te hou met deelnemers se ontwikkeling.



### 2.7.3 Hoofverwelkomingsgeleentheid

Die **Droomlansering en -loop** is nou reeds gevestigde elemente van die verwelkomingstydperk vir nuwelingstudente. Prof Arnold Schoonwinkel, Viserektor vir Leer en Onderrig, het in my afwesigheid die hoof verwelkomingsrede gelewer (ek was by 'n GAUC-geleentheid by die WEF in Davos, soos in die inleiding hierbo vermeld). Sy hoofboodskap was: “As jy wil groei, omhels diversiteit – dit is 'n onontbeerlike komponent van uitnemendheid.”

'n Groter getal US-personeellede het hulle vanjaar by die studente aangesluit vir die Droomloop. Vooraan die prosessie was die uitvoerende burgemeester van Stellenbosch, adv Gesie van Deventer, lede van die Rektooraat en verskeie dekane. Meer as 5 000 nuwelingstudente het die kampus in 'n

simboliese gebaar te voet binnegekom en langs die pad kaartjies met hulle drome op teen die bome langs Victoriastraat vasgespeld.



*Nuwelingstudiante, studenteleiers en US-personeellede in 'n 2020-formasie op die Danie Craven-rugbyveld.*

## 2.7.4 Sosiale Impak-gemeenskapsoggend 2020

Matie Gemeenskapsdiens (MGD) het op 30 Januarie meer as 5 000 nuwe Matiestudente die geleentheid gebied om aan die jaarlikse Sosiale Impak-gemeenskapsoggend by die US deel te neem. Die oggend het deel uitgemaak van die amptelike Verwelkomingsweek vir nuwelinge. Studente het kennis gemaak met verskeie **gemeenskapsvennote** wat by impakryke inisiatiewe op en om Stellenbosch en die Tygerbergomgewing betrokke is.

Die Sosiale Impak-gemeenskapsoggend skakel goed in by die Universiteit se visie om kennis tot voordeel van die samelewing te bevorder, die missie om plaaslike gemeenskappe te verryk en te transformeer, en die strategiese tema om doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke te bou.

Ayrton Jackson, Huiskomiteelid vir Sosiale Impak by Goldfields, het gesê: “Dit is een van baie maniere waarop die US sy deure vir die gemeenskap oopgooi. Ons wil hê die eerstejaars moet weet Stellenbosch is **nie net 'n universiteit nie**; dis **ook 'n dorp en 'n gemeenskap.**”




*Goldfields- koshuis het leerders van 'n plaaslike skool met speletjies, gesigverf en kospakkies bederf.*

## 2.8 Studentehuisvesting

### Koshuisplasings

Noudat vanjaar se finale registrasietydperk ook verby is, lyk die diversiteitsprofiel van eerstejaars wat die afgelope vier innamejare in Universiteitskoshuise op Stellenbosch- en Tygerbergkampus geplaas is soos volg:





Die volgende tendense word opgemerk:

- **Swart Afrikaan-eerstejaars** het aansienlik toegeneem, van 20% in 2017 tot **27%** in 2020.
- Ongeveer 606 (**55,4%**) van die 1 093 ingeskrewe eerstejaars wat tot op hede vanjaar **NSFAS**-bystand ontvang het, het koshuisplasing gekry. Hierdie getal maak **28%** van alle huidige eerstejaars in die koshuis uit.

### Privaatverblyf

Die tekort aan huisvesting by hoërsonderwysinstellings bly landwyd 'n uitdaging. NSFAS se aankondiging teen die einde van 2019 dat studente wat in niegeakkrediteerde privaat huisvesting bly, nie die huisvestingstoelaag sal ontvang nie, het tot onsekerheid onder sowel studente as verhuurders gelei. Danksy 'n tussentydse reëling met die DHOO kan alle NSFAS-kwalifiserende studente egter toegang tot niegeakkrediteerde huisvesting kry indien die betrokke universiteit oor 'n registrasie- en stawingsproses beskik. NSFAS-kwalifiserende studente sal soos voorheen toegang kan bekom tot privaat enkelhuisvesting met 'n formele huurkontrak, en dan 'n huisvestings- en etetoelaag ontvang, nes hulle eweknieë wat in universiteitshuisvesting tuisgaan.

Die pas gestigte **Privaatverblyfkantoor** in die Afdeling Studentetoegang sal met 'n akkreditasieproses begin wat teen die einde van 2020 voltooi behoort te wees.

## 2.9 Huis Marais

Dr Choice Makhetha, senior direkteur van Studentesake, het die inwoners van Huis Marais op 24 Oktober 2019 in 'n skrywe ingelig dat geen eerstejaarstudente met die oog op 2020 by Huis Marais ingedeel sou word nie omdat "die huidige etos van Huis Marais" dit 'n omgewing maak wat "nie geskik is vir nuwelinge nie". Die brief het voorts gelui: "Om 'n oortuigende saak te stel vir die toekenning van eerstejaarstudente aan Huis Marais, is die Huiskomitee gevra om te bepaal wat gedoen moet word om verandering teweeg te bring om 'n etos te skep wat die **waardigheid van alle lede** van die Huis Marais-gemeenskap bekragtig." Die stappe wat Huis Marais gevolglik aangevoer het, was egter "kragteloos en sonder enige erns of selfondersoek". Dr Makhetha het die koshuis dus aangeraai om van die geleentheid gebruik te maak om hulle huidige etos te hersien en "die nodige veranderinge aan te bring om gereed wees om weer in 2021 nuwelinge te ontvang".

Gesprekke in die Huis Marais-gemeenskap duur voort. Volgens die koshuishoof se terugvoer tot dusver blyk sommige inwoners te verstaan watter verreikende regstelling moet plaasvind, maar ander nie. Van die Huiskomitee lede, mentors en lede van die tweedejaarskomitee werk egter getrou om met praktiese uitvoerbare **oplossings** vir die geïdentifiseerde probleemgebiede vorendag te kom.

## 2.10 Wilgenhof

Ek het die Huiskomitee lede van Wilgenhof-koshuis op 28 Februarie in kennis gestel dat hulle tydelik van hulle leierskapsrolle onthef word hangende die uitslag van 'n ondersoek. Die doel is om te bepaal of daar enige **onaanvaarbare verwelkomingspraktyke** in die koshuis plaasgevind het, en of die Dissiplinêre Kode vir Studente en Koshuisreëls oortree is. Dít volg nadat ek 'n klagtebrief ontvang het van 'n ouer, wat sedertdien sy seun by ons instelling weggeneem het.

In 'n ander voorval is 'n sosialemediaplasing met **diskriminerende verwysings** na 'n student se genderidentiteit vanaf 'n sosialemediarekening gepubliseer wat met Wilgenhof verbind word.

Kom ek skets kortliks die agtergrond. Ons het in 2014 'n Taakspan oor die Ondersoek na Onaanvaarbare Verwelkomingspraktyke aangestel en die span se aanbevelings gevolglik in werking gestel. Ons het ons denkwysie oor die verwelkoming van nuwelinge fundamenteel in pas met die waardes in die Suid-Afrikaanse Grondwet verander. Ons volg 'n nulverdraagsaamheidsbenadering tot onbillike diskriminasie, teistering, viktimisasie en geslagsgebaseerde geweld, en is daartoe verbind om gelyke regte vir almal te bevorder en 'n omgewing sonder vooroordeel te skep.

Ons studente en personeellede werk reeds jare lank onvermoeid om die kultuur by ons instelling waarlik verwelkomend te maak. Ons kan nie toelaat dat die beweerde optrede van sekere individue in bepaalde omgewings ons agteruitsit nie.

Aan die einde van verlede jaar het Studentesake aangedui dat dit 'n algemene beoordeling van die **kampus- en koshuislewe en -kultuur** sal onderneem met die spesifieke doel om praktyke en “tradisies” wat ons studente se waardigheid aantast en skend uit te roei.

## 2.11 Gesamentlike werkgroepe teen geslagsgebaseerde geweld

Na aanleiding van samesprekings tussen studente en die bestuur oor geslagsgebaseerde geweld sedert September verlede jaar is gesamentlike werkgroepe in die lewe geroep om hierdie euwel te bestry (lees ook die memorandum van die Beweging teen Geslagsgebaseerde Geweld US, en die bestuur se antwoord).

Die doel van die werkgroepe is om met 'n sistemiese reaksie vorendag te kom om geslagsgebaseerde geweld te bestry deur die kwessies in die memorandum en in die US se daaropvolgende reaksie te hanteer. Elk van die ses werkgroepe funksioneer onder toesig van 'n lid/lede van die Rektorat. Groeplede kom uit die mees relevante Universiteitstrukture vir die onderwerpe wat bespreek word, en uit die studentegemeenskap.

Gesamentlike werkgroep	Voorsitter	Rektoraatslid/-lede
Waardes en beginsels	Me Monica du Toit	Prof Eugene Cloete & dr Ronel Retief
Veiligheid en sekuriteit	Dr Viljoen van der Walt	Prof Stan du Plessis
Opleiding en bewusmaking	Me Tonia Overmeyer	Prof Nico Koopman
Koshuise en strukture	Me Ruth Andrews	Prof Arnold Schoonwinkel
Prosedures en prosesse	Me Felicia van Rooi	Dr Ronel Retief
Geestesgesondheid, alkohol- en middelmisbruik	Dr Munita Dunn-Coetzee	Proff Wim de Villiers & Hester Klopper

Die werkgroepe doen deur die senior direkteur van Studentesake, dr Choice Makhetha, aan die Rektorat verslag. Die groepe het weer in Februarie ontmoet, en beoog om in **April** 'n **eerste konsepverslag** gereed te hê, wat by die Rektorat sal dien. Daarna sal verdere werk bepaal en so wyd moontlik aan die US-gemeenskap gekommunikeer word. Om toegang tot die werkgroepe te

verbreed, is studente en personeellede genooi om skriftelike kommentaar by die onderskeie voorsitters in te dien.

## 2.12 Voedselsekerheidstaakgroep

Weens veranderinge in die studentegemeenskap in die hoër onderwys val die soeklig al hoe meer op voedselonsekerheid as 'n voorraansaak. In reaksie op die voorstel dat 'n reguleringsraamwerk saamgestel word om die US die verskillende fasette van hierdie verskynsel te help hanteer, is 'n taakgroep met lede van sowel Stellenbosch- as Tygerbergkampus saamgeroep.

Die taakgroep se aanvanklike verslag is in Desember 2019 versprei, en het veral klem gelê op die tekort aan **personeelvermoë** om so 'n institusionele raamwerk toe te pas. Die [finale verslag](#) is op 4 Februarie aan die Rektooraat voorgelê.

Op grond van die taakgroep se werk is die volgende intervensies reeds in werking gestel:

- 'n Jaar lange pos vir 'n **maatskaplike werker** wat op voedselsekerheid konsentreer, is in die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) op Stellenboschkampus geskep, en nóg een op Tygerbergkampus.
- Prosesse tussen die veldtog **#Move4Food** en die SSVO sowel as tussen die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings en die SSVO (op sowel Stellenbosch- as Tygerbergkampus) is gestroomlyn.
- **Ongeregistreerde studente** is gedurende die verwelkomings- en registrasietydperk met kospakkies bygestaan. Omdat hulle nie as US-studente geregistreer was nie, is hulle in wese gestrand gelaat sonder die nodige middele om na hulleself om te sien.
- Altesaam 47 **senior studente** is tussen 14 Januarie en 3 Februarie met kos bygestaan.
- Eteskenkings deur die **voedseldiensverskaffers** by US-koshuise is in 2019 met welslae aangevoer. Die SSVO het tot dusver vanjaar daaglik eteskenkings van al die voedseldiensverskaffers op sowel Stellenbosch- as Tygerbergkampus bekom. Die sentrale verwysingspunt bly die maatskaplikewerkdienste by die SSVO, wat dan met die verskaffers skakel.
- **Pamflette** oor voedselsekerheid is op Stellenbosch- en Tygerbergkampus versprei, en digitale weergawes is aanlyn en op sosiale media te kry.

**FOOD SECURITY PROGRAMMES AND EMERGENCY RELIEF: WHERE TO GET HELP**

Remember that there are guidelines for students who already receive financial support (or a bursary), as well as emergency relief for students who do not receive any financial support. A holistic assessment of the student's financial circumstances will also be conducted to ensure that students' needs are fully met.

Please take note of the following important information:

**STELLENBOSCH CAMPUS**

**UNDERGRADUATE STUDENTS**

**CENTRE FOR STUDENT COUNSELLING AND DEVELOPMENT**

During office hours:

- Victorinastraat 49
- 021 938 4994
- support@sun.ac.za
- (also for after-hour emergencies which can be dealt with the next working day)

**CENTRE FOR UNDERGRADUATE BURSARIES AND LOANS**

During office hours:

Students who are partially funded may contact the Centre for Undergraduate Bursaries and Loans, situated in Administration A. The centre performs an assessment of the student's financial needs using the NSFAS means test. Should the student qualify in terms of the means test, the centre determines the amount for food allowance as determined by the NSFAS means test.

- Tracy-Lee Tlou en Abdullah Ahmed
- 021 938 9111
- stun@sun.ac.za / ahmeda@sun.ac.za

**POSTGRADUATE AND INTERNATIONAL STUDENTS**

**POSTGRADUATE AND INTERNATIONAL OFFICE**

During office hours:

International students:

- Carmen Symon
- 021 938 3078 / csm@sun.ac.za

Postgraduate students:

- Nugent Lewis
- 021 938 2957 / nugent@sun.ac.za

**AFTER HOURS EMERGENCIES**

Which cannot wait until the next working day

**CENTRE FOR STUDENT COMMUNITIES (AFTER HOURS)**

Only emergencies which cannot wait until the next working day e.g. somebody who couldn't access help as indicated above.

- Riana Engelbrecht
- 084 030 0120

**TYGERBERG CAMPUS**

**Centre for Student Counselling and Development**

During office hours:

- Room 3035, Second Floor T55
- 021 938 9590

**Tygerberg Pantry Project (TPP)**

The TPP are a group of students and staff who volunteer to raise donations in the form of non-perishable food and toiletries to assist Tygerberg students with food and toiletry insecurity.

tygerbergpantryproject@gmail.com

**Office for Undergraduate Bursaries and Loans**

During office hours:

Students who are partially funded may contact the Undergraduate Bursaries and Loans Office, situated in Room 1043, Clinical building. The office performs an assessment of the student's financial needs considering the NSFAS means test, financial information provided by the student on the SU system or elsewhere and the student's funding profile. This office will make a recommendation to the relevant support structure at Tygerberg Campus who in turn will determine the amount / allocation of food allowance that can be provided to the student.

- Nokwenge Capasa
- 021 938 9458 / ngbursaries@sun.ac.za
- Rochelle Sylvester
- 021 938 9129 / tygbursaries@sun.ac.za

## 2.13 Institusionele Transformasiekomitees

Die US se **Institusionele Transformasiekomitee vir Studente** (ITKS) is saamgestel. Lede van die ITKS het op 7 Februarie die jaarlikse strategiese beplanningssessie van die oorhoofse **Institusionele**

**Transformasiekomitee** (ITK) bygewoon. Die ITK, wat uit verteenwoordigers van alle US-omgewings bestaan, is 'n onontbeerlike meganisme om geïntegreerde, inklusiewe en doelgerigte reaksies op transformasiesake oor die hele kampus aan te spoor.

Ook het die ITK gedurende die verslagtydperk een keer met die Rektooraat vergader, op 3 Februarie. Prof Nico Koopman, dr Leslie van Rooi, dr Claire Kelly, prof Bradley Slade, prof Ronelle Carolissen, dr Ilhaam Groenewald en mnr Jaco Brink het met prof Arnold Schoonwinkel, dr Choice Makhetha en lede van haar span (mnr Pieter Kloppers, dr Munita Dunn-Coetzee en dr Tonia Overmeyer) ontmoet om te gesels oor koshuiskultuurkwessies, die prosedures van die Eenheid vir Gelykwaardigheid, en die kursus oor teenrassisme en burgerskap wat in opdrag van die Senaat ontwikkel word.

## 2.14 Studenteraad (SR) kies voorsitter

Institusionele prosesse met betrekking tot die ondersoek na bewerings van geslagsgebaseerde geweld teen sommige SR-lede ([klik hier](#) om verder te lees) het die verkiesing van die voorsitter, uitvoerende komitee en ander portefeuljes vertraag. Nadat 'n buitengewone adviespaneel oor seksuele teistering hulle bevindinge en aanbevelings bekend gemaak het, is toestemming in die November 2019-eksamentydperk verleen om met die verkiesing voort te gaan, en is dit gevolglik vir die eerste kwartaal van 2020 geskeduleer. Hoewel portefeuljes nie formeel toegeken is nie, het die werk van die SR as span intussen 'n aanvang geneem om te keer dat dienste aan die studentegemeenskap ontwrig word.

[Mnr Lewis Mboko](#) (op foto regs) is uiteindelik op 7 Februarie as SR-voorsitter verkies. So ver die Universiteit kon vasstel, is Mboko die eerste Zimbabwiese student om aan die stuur van die SR te staan. Die ondervoorsitter, Wamahlubi Ngoma, is op 12 Februarie verkies.



## 2.15 Toegang verbreed en sukses bevorder deur middel van taal

Die voorsiening van billike toegang tot ons onderrigprogramme, die bevordering van studentesukses en die skep van 'n verwelkomende en ondersteunende leeromgewing is strategiese prioriteite vir onderrig en leer by die US.

Vir dié doel beoog die Taalsentrum om in die eerste kwartaal sy proefprojek vir opvoedkundige **tolking in Xhosa** na modules soos Maatskaplike Werk 178, Geo-omgewingswetenskap 124, Sosiologie 114, Sielkunde 114 en Inleiding tot die Geesteswetenskappe 178 uit te brei. Trouens, Inleiding tot die Geesteswetenskappe 178 word in Xhosa, Afrikaans, Kaaps én Engels aangebied om beter kommunikasie te bewerkstellig.

Die **tolkingsprojek in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT)** is reeds in sy vierde jaar. Dit het begin deur vir twee dowe studente in die Fakulteit Opvoedkunde te tolk, maar sluit nou ook tolking vir 'n dowe dosent in die Departement Algemene Taalwetenskap in. Afgesien van Algemene Taalwetenskap se SAGT-kursusaanbod, word 'n kursus in gebaretaaldidaktiek deesdae ook in die Fakulteit Opvoedkunde aangebied.

Die kortkursus **Survival isiXhosa** by ons **Taalleerhub** word vanaf die einde van Februarie tot en met April aangebied. Hierdie blitskursus vir studente is prakties en interaktief, en gebruik kampusverwante situasies om outentieke taalgebruik aan te moedig. Die kursus word aangebied deur dr Zandile Kondowe, wat pas aangestel is om die Taalsentrum se Xhosa-portefeulje te bestuur.

Laastens het 56 internasionale studente van Duitsland, Finland, Oostenryk, Amerika en Italië vir die Taalsentrum se kursus **Afrikaans vir Beginners** ingeskryf.


## 2.16 Studentesport

**Studente-atlete blink uit:** Die Maties Sport-tennisspeler Sinazo Solani het in Januarie tot die enkelspelhalfeindronde van die eerste internasionale Pro Kennex-premiertennisuitdaging in Selborne Park, Oos-Londen, deurgedring. Sy het die dubbelspeltitel saam met haar Suid-Afrikaanse spelmaat Chanel Simmonds gewen. Solani, 'n BA-finalejaarstudent wat in Huis Neethling tuisgaan, is ook vanjaar deel van die Konfederasie van Universiteit- en Kollegesportverenigings (CUCSA) se tennisoefengroep.

Nóg 'n eer vir Maties Sport is dat 12 Maties-rugbyspelers by die Stormers-oefengroep ingesluit is. Vyf van dié spelers – Jason Dixon (Maties-kaptein), Schalk Erasmus, Dan Jooste, Leon Lyons en Sazi Sandi – studeer tans aan die US.



*Sinazo Solani.*



*Jason Dixon.*

**Eers studente, dan atlete:** By Maties Sport is akademiese allermens 'n nagedagte. Verlede jaar het 'n buitengewoon ryk oes van 169 studente-atlete oor alle fakulteite heen gegradueer. Altesaam 85 van hulle was deel van die US se Hoëprestasie-eenheid.

Die uitdaging vir studente-atlete is om die goue middeweg tussen studie en sport te vind. In dié verband is die PACER-program in die Hoëprestasie-eenheid juis bedoel om hierdie studente te ondersteun met alles wat hulle in die verskillende fasette van hulle studentelewe kan nodig kry.

**Somerspele begin op hoogtepunt:** By die somerspele van Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) in November en Desember 2019 het Maties Sport se waterpolospanne vir mans en vroue albei met die louere weggestap. Maties Tennis het 'n silwer medalje gewen, en Seil goud. Die Maties-krieketspan het die eindronde gehaal. Maties Sokker het silwer gewen, en is deur na die A-afdeling.

**Varsitybeker opgeskort:** Die Varsitybekerdireksie het op 17 Maart besluit om in die lig van COVID-19 alle Varsitybekerwedstryde, ook Varsity Young Guns- en Varsityskild-kragmetings, op te skort. Die direksie sal weer teen die einde van April byeenkom om 'n finale besluit oor die kompetisie van 2020 te neem. Maties, die verdedigende kampioen, het nog nie vanjaar 'n wedstryd verloor nie. Die voorsitter van die Maties-rugbyklub, prof Mohammad Karaan, het die besluit aanvaar as 'n gepaste stap in die huidige omstandighede, en het ons volle steun daaraan toegesê.

## 2.17 Studentenuusbrief

Een van die bevindinge in die US se [interne kommunikasieauditverslag](#) van 2018 was dat studente 'n gekonsolideerde platform wou hê waar hulle nuus en ander US-verwante kommunikasie kan ontvang.

Daarom het ons afdelings Studentesake en Korporatiewe Kommunikasie in Februarie 2019 saamgewerk om **Maties@StellenboschUni** uit te gee – 'n tweeweklikse nuusbrief wat gedurende



akademiese kwartale aan alle studente op Stellenbosch- en Tygerbergkampus versprei word. Die publikasie het 'n potensiële leserspubliek van 30 000 en bevat inligting, kennisgewings en nuus oor gebeure en geleenthede wat op studente betrekking het.

Die proeffase van die projek het teen die einde van 2019 geëindig nadat tien nuusbriewe deur die jaar uitgestuur is. Die gemiddelde oopmaaksyfer gedurende die proeffase was 51,6%, wat veel hoër is as die bedryfstandaard van 25,1%. Die meeste lesers het die nuusbriewe op hulle mobiele toestelle (49%) in teenstelling met tafelrekenaars (12%) of webgebaseerde toepassings (39%) oopgemaak.

Die bevindinge uit die proeffase het getoon dat die inhoud van die nuusbriewe met mobiele lesers in gedagte geoptimaliseer moet word om die klik-tot-oopmaaksyfer te verbeter (die verhouding van diegene wat op werklike artikelskakels klik tot diegene wat slegs die e-pos oopmaak). Dit het veranderinge vereis soos om minder teks en meer grafika te hê, en te sorg dat belangrike kennisgewings op een skerm gelees kan word, sonder om deur groot stukke teks te moet afdol. Hierdie wysigings is in die [eerste uitgawe van 2020](#) in werking gestel, wat selfs beter **oopmaak- en kliksyfers** opgelewer het (**56,75% en 27,35%** onderskeidelik).

### TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie kern strategiese tema word soos volg bespreek in ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#): “As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As 'n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk** met **belanghebbendes**, die **gemeenskappe** wat ons bedien, die **bedryf**, die **regering** en ons **universiteitsvennote** in **plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid”.

#### 3.1 Raamwerk verbind akademiese jaar met nasionale dae en strategiese temas

Die Rektorat het weer 'n jaarlikse [raamwerk vir belanghebbendes](#) skakeling by die US goedgekeur. Die raamwerk, wat voortbou op die grondslag wat in 2017 gelê is, is in die vorm van 'n kalender wat verskillende dele van die akademiese jaar met nasionale dae en veral ook met temas uit ons strategie en beleidsdokumente verbind.

Fakulteite, afdelings en alle ander omgewings by die Universiteit word aangemoedig om hierdie enkelbladraamwerk te gebruik om hulle skakeling en samewerking met ons **kernbelanghebbendes** te beplan. Sodoende sal ons aktiwiteite en geleenthede gekoördineerd wees om groter sinergie en impak in die hand te werk.

Die Transformasiekantoor gee jaarliks 'n weergawe van hierdie raamwerk getiteld [Imbizo 365](#) uit. Die doel is om omgewings in staat te stel om doelbewus aan transformasieverwante aktiwiteite deel te neem en dit met die nasionale kalender en die Universiteit se strategiese raamwerk te versoen. Klik op die skakel hierbo of kry dit op die [Transformasiekantoor se webtuiste](#).

#### 3.2 Universiteit van Lausanne

Ek het die Universiteit van Lausanne (UNIL), Switserland, op 23 en 24 Januarie besoek. UNIL is 'n jare lange vennoot van die US, maar dit was ons eerste ontmoeting op **uitvoerende bestuursvlak**. Afgesien van 'n vergadering met hulle rektor, prof Nouria Hernandez, het ek ook met hulle viserektor van navorsing, internasionale betrekkinge en voortgesette onderwys, die dekaan van hulle fakulteit Biologie en Geneeskunde sowel as verteenwoordigers van die departemente Digitale Geesteswetenskappe en Sportwetenskap ontmoet.

Opvolgvergaderings oor mikrobiomnavorsing volg later vanjaar. Ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe sal samewerking met UNIL se fakulteit Biologie en Geneeskunde op die gebied van kankernavorsing, immunologie en globale chirurgie ondersoek. UNIL het ook hulle verbintenis bevestig om US-studente finansiële ondersteuning te verskaf om verskeie UNIL-somerskoolprogramme by te woon.

### 3.3 SKEMA-bestuurskool

Nadat die wêreldbekende Franse SKEMA-bestuurskool die US gekies het as voorkeurvennoot om as gasheer vir 'n SKEMA-kampus in Suid-Afrika op te tree, is dié vennootskap amptelik op 31 Januarie op Stellenbosch bekend gestel. Prof Hester Klopper, VR:SI aan die US, en mnr Damien Roux, SKEMA-direkteur van globale bemaking en kommunikasie, het 'n formele ooreenkoms namens die twee instellings onderteken.



*Prof Hester Klopper en mnr Damien Roux onderteken die ooreenkoms by die bekendstelling van die vennootskap, terwyl verteenwoordigers van die US, SKEMA, die Franse ambassade, die Franse sakekamer en die eerste kohort SKEMA-studente toekyk. Foto: STEFAN ELS.*

Die ooreenkoms is die volgende stap in die bestaande verhouding tussen SKEMA en die **Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB)**. Dit sal die US se getal internasionale studente op kampus 'n hupstoot gee.

Die vennootskap sal na verwagting gesamentlike programme, navorsingsprojekte, fakulteitsuitruilprogramme en US-studentemobiliteit na SKEMA-kampusse in ander wêrelddele oplewer. Benewens Frankryk en Suid-Afrika, het SKEMA kampusse in die VSA, China en Brasilië, waar die US se studente in die program BCom (Internasionale Besigheid) sal kan besoek aflê.

US Internasionaal se Globale Onderwysentrum (GOS) sal ingevolge die ooreenkoms die nodige akademiese, logistieke en infrastruktuursteun voorsien sodat die SKEMA-bestuurskool sy akademiese program vir SKEMA-studente by die US kan aanbied. Die GOS-span werk sy aan sy met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en kollegas van SKEMA om kursusstruktuur en -vereistes te versoen en aanvullende steun aan SKEMA-studente te voorsien.

### 3.4 Universiteit van St Andrews

Die US en die Universiteit van St Andrews het op 6 Februarie 'n memorandum van verstandhouding (MvV) onderteken om nuwe lewte te blaas in die samewerking wat in 2005 die dryfkrag agter die US se beleid oor gesamentlike PhD-programme was. Die plan is om samewerking in Politieke Wetenskap, Chemie en sportverwante gemeenskapsinteraksie uit te bou. Onderhandelinge om 'n uitruilprogram vir studente in BCom (Internasionale Besigheid) saam te stel begin binnekort.

### 3.5 TU Dresden

Om vir die ontwikkeling van 'n omvattende vennootskap met TU Dresden voor te berei, het ek en prof Hester Klopper op 7 en 8 Februarie besoek van die rektor van TU Dresden, prof Hans Müller-Steinhagen, en kollegas ontvang. Die afvaardiging het met lede van ons Rektooraat en akademici van Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese, Chemie, Psigiatrie en die Skool vir Datawetenskap en

Rekenaardenke ontmoet. TU Dresden se hoof van internasionalisering het sedertdien 'n opvolgbesoek afgelê om die eerste internasionaliseringsprojekte vir die vennootskap te bepaal.

TU Dresden is een van tien Duitse universiteite met die titel “**Universiteit van Uitnemendheid**” vir 2019–2026. Ons het reeds bande met ander Duitse instellings met dié titel, naamlik die Universität Hamburg, LMU München, TU München en die Universiteit van Tübingen. Ons ander medewerkers in Duitsland sluit in Freie Universität Berlin, Humboldt-Universität zu Berlin en TU Berlin.

### 3.6 Vereniging vir Internasionale Onderwysadministrateurs (AIEA)

Om die US se internasionale strategiese posisionering verder te verstewig, het prof Hester Klopper van 16 tot 19 Februarie die jaarkonferensie van die Vereniging vir Internasionale Onderwysadministrateurs (AIEA) in Washington DC, VSA, bygewoon.

Deelnemers aan die konferensie – die enigste wêreldwye geleentheid wat afgestem is op diegene wat **internasionalisering** by hoërondewysinstellings bestuur – het beraadslaag oor 'n nuwe benadering tot omvattende internasionalisering vir 'n globale generasie. Sprekers het nuwe tegnologieë en strategieë hieroor by 21ste-eeuse hoërondewysinstellings aangebied.

Prof Klopper het tydens die konferensie met verteenwoordigers van **12 universiteite** geskakel om ons bestaande vennootskappe te versorg en moontlike nuwe vennootskappe te bespreek.

### 3.7 Afrika-universiteitsdag

Die US neem jaarliks deel aan die viering van Afrika-universiteitsdag (**12 November**), wat die Vereniging van Afrika-universiteite in 2005 ingestel het. Vir dié geleentheid het US Internasionaal se Sentrum vir Samewerking in Afrika op 14 November 2019 nagraadse navorsing in Afrika-universiteite en -lande ten toon gestel. Hiervoor het die Sentrum saamgewerk met dr Palesa Natasha Mothapo, die hoof van Nadoktorale Navorsingsteun in die Afdeling Navorsingsontwikkeling.

Prof Sampson Mamphweli, direkteur van die Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies, het die program met 'n hoofrede geopen, waarna nagraadse studente en nadoktorale genote van verskeie US-fakulteite altesaam 22 aanbiedings gelewer het. Ook op die program was 'n paneelbespreking oor die herposisionering van die Afrika-universiteit wat navorsing en impak betref. Dr Ethel Phiri van AgriWetenskappe het dié gesprek gefasiliteer.

### 3.8 Afrika Doktorale Akademie hou somerskool

Die Afrika Doktorale Akademie (ADA) in US Internasionaal se Afrikasentrum vir Akademieskap (ASA) het van 6 tot 17 Januarie sy jaarlikse somerskool aangebied. ASA-direkteur prof Sarah Howie het die program geopen en prof Thuli Madonsela het die slotrede gelewer.

Fasiliteerders van die US, Suid-Afrika, België, Ierland, Switserland en die VSA het 21 werksessies vir **370 deelnemers** aangebied, teenoor 19 werksessies en 358 deelnemers in 2019.

'n Derde van die deelnemers was van **15 Afrikalande buiten Suid-Afrika**. 'n Spesiale toevoeging vanjaar was die deelname deur tien personeellede van die Malawiese Universiteit vir Wetenskap en Tegnologie danksy 'n nuwe samewerkingsprojek met die US se Fakulteit AgriWetenskappe.





*Deelnemers aan die Afrika Doktorale Akademie se somerskool van 2020.*

### 3.9 Gesamentlike skole in Afrika

US Internasionaal se Afrikasentrum vir Akademieskap (ASA) het in die verslagtydperk 'n nuwe vennootskapsinisiatief in werking gestel. Die program Gesamentlike Skole in Afrika het van 18 tot 22 November 'n eerste navorsingsopleidingsessie by die Universiteit van Lagos, Nigerië, aangebied.

Prof Sarah Howie, ASA-direkteur, en prof Ruth Albertyn, medeprofessor van die US se Sentrum vir Hoër en Volwasseneonderwys, het die werksessie saam met twee personeellede van die Universiteit van Lagos gefasiliteer. Corina du Toit van die ASA se Afrika Doktorale Akademie het die US-afvaardiging vergesel. Nege-en-dertig personeellede en studente van die universiteite van Lagos, Jos en Ilorin sowel as Nnamdi Azikiwe-universiteit het die opleiding bygewoon.

Die ASA het in Desember 2019 'n toekenning uit die **Strategiese Fonds** ontvang om dié program, wat op ontluikende vakkundiges afgestem is, van stapel te stuur. Die doel is om binne drie jaar 12 navorsingsvermoëbouskole in nege lande in Afrika suid van die Sahara te fasiliteer. Personeellede van verskillende US-fakulteite en -entiteite én van die gasheerinstellings sal die skole aanbied.

### 3.10 Periperi U nou deel van US Internasionaal

Die Periperi U-netwerk het sedert 1 Desember 2019 'n formele sekretariaat in US Internasionaal se Sentrum vir Samewerking in Afrika (SSA). Periperi U is 'n gevestigde netwerk van **12 universiteite** oor die hele Afrika en het voorheen onder RADAR (die navorsingsalliansie vir ramp- en risikovermindering) in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe geval. Die vestiging van die formele sekretariaat het die verskuiwing van drie bestaande personeellede ingesluit.

Om die sekretariaat in die SSA te hê bied nou 'n geleentheid om inisiatiewe soos GAUC (die internasionale universiteitsalliansie oor die klimaat), by wie die US verlede jaar aangesluit het, en die voorgestelde US Skool vir Klimaat te ondersteun. Deur Periperi U en die NEPAD Suider-Afrikaanse Netwerk van Watersentrums van Uitnemendheid, wat óók in die SSA geleë is, het die US direkte toegang tot 32 Afrikavennootuniversiteite.

### 3.11 Studentemobiliteit

US Internasionaal bestuur sowel in- as uitwaartse studentemobiliteit deur sy Globale Onderwysentrum. 'n Samevatting van **bedrywighede in 2019** volg hieronder:

- Altesaam 329 inwaartse studenteuitruilprogramme is aangebied en 114 uitwaartse programme gefasiliteer. Die wanbalans in semesteruitruilbesoeke word deels hanteer deur US-studente (188 in 2019) aan vennootinstellings se somerskole of kortprogramme te laat deelneem.
- Geaffilieerde inwaartse navorsing-/internskapstudente het van 70 tot 91 toegeneem.

- Besoekende Study Abroad-studente (170 studente) en kortprogramdeelnemers (295 studente) het R7,2 miljoen ingebring. Hierdie inkomste dien as kernfinansiering vir reisbeurse en help betaal vir personeelle wat met studentemobiliteit gemoeid is.
- Reisbeurse ter waarde van R5,7 miljoen is vir semesteruitruilbesoeke en somerskool-/kortprogramdeelname toegeken (304 US-studente).
- Die bestemmings vir uitwaartse studentemobiliteit was soos volg:
  - Semester: Duitsland (29), Nederland (22), VSA (15), België (11), China (5), Frankryk (5) en Switserland (5)
  - Somerskole/kortprogramme: China (19), België (17), Swede (14), VK (14), Australië (14), Nederland (12) en Frankryk (10)

US Internasionaal het vir die **eerste semester** meer as 220 mobiliteitstudente van sowel vennoot- as nievennootuniversiteite verwelkom. Aktiwiteite is beplan om inskakeling by die studentegemeenskap én die dorp aan te moedig. US Internasionaal het gebruik gemaak van Matie Buddies, oftewel US-studente wat saam met besoekende internasionale studente ingedeel word om as informele gidse te dien. Ook is Matie Fietse ingespan vir 'n toer van Stellenbosch.

### 3.12 Oop wetenskap, oop bewaarplekke

Die senior direkteur van die US se Biblioteek- en Inligtingsdiens, me Ellen Tise, was in November 2019 'n paneellid by die eerste [Verenigde Nasies-oopwetenskapkonferensie](#) in New York. Deelnemers het beraadslaag oor die rol van oop wetenskap in die bevordering van die Agenda vir Volhoubare Ontwikkeling 2030. Me Tise het in haar aanbieding [oop wetenskap uit die oogpunt van 'n biblioteek bespreek](#) en die behoefte aan voorspraak met betrekking tot oop toegang onderstreep.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens beoog om van 31 Mei tot 3 Junie 2021 gasheer te wees vir die [15de Oopbewaarplekkonferensie \(OR2020\)](#) – 'n geleentheid om te besin oor hoe oopbewaarplekke vir toegang tot navorsing kan verbreed. Dit sal 'n eerste vir Afrika wees. Die konferensie moes in Junie vanjaar plaasgevind het, maar is weens COVID-19 uitgestel.

### 3.13 Lückhoff Lewende Museum geskep 50 jaar ná gedwonge verskuiwing

Leerders van die Lückhoffskool in Banhoekweg, Stellenbosch, is in 1969 ingevolge die bepalings van die Groepsgebiedewet van 1950 gedwing om hulle geliefde skool te ontruim. Hulle is, skoolbanke in die hand, na die nuwe Lückhoffskool in Idasvallei verskuif.

Twee van dié banke is op 16 November 2019, 50 jaar later, aan die skool terugbesorg. Dit het plaasgevind by 'n spesiale plegtigheid wat die US aangebied het as 'n daad van **herstellende geregtigheid**, en as deel van die proses om die Lückhoff Lewende Museum uit te bou.



*Mnr Whaleed February, 'n voormalige leerder van die Lückhoffskool, op een van die banke wat aan die skool terugbesorg is. Foto: STEFAN ELS*

My voorganger, wyle prof Russel Botman, het in 2007 reeds uitreikpogings na hierdie gemeenskap gelei toe die ou Lückhoffskoolgebou simbolies weer aan sy oorspronklike eienaars gewy is.

Dié gebou sal nou dien as die **Lückhoff Lewende Museum**, 'n plek waar die US- en groter Stellenbosse gemeenskap na foto's, rolprente, uitstallings en portrette kan kyk, vergange dae kan onthou en kritiese gesprekke kan hê. Daar is planne om tentoonstellings te skep, kaarte te vertoon van waar mense gewoon het en waar die kerke, moskees, barbierswinkels, bioskoop en sportklubs was, en te vertel van die speletjies wat die kinders gespeel het.

### 3.14 Transformasievennootskappe

Die Transformasiekantoor is 'n koördineringsvennoot in die praatjierreeks Inclusive Practice – 'n pas aangekondigde samewerkingsprojek met die Universiteit van Kaapstad (**UK**) en die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie (**KSUT**). Die doel is om gesprek oor transformasiepraktyk tussen universiteite, die burgerlike samelewing, die sakesektor en die regering aan te moedig.

Vir nóg een van sy samewerkingsprojekte, naamlik die ontwikkeling van 'n aanlyn hulpbron vir hoëronderwystransformasie (of "**ORHET**"), werk die Kantoor sy aan sy met prof André Keet, bekleër van die leerstoel vir Kritiese Studies in die Hoër Onderwys en Opleiding ("**CrisHet**") by Nelson Mandela-universiteit (**NMU**), wat ook in die US Raad dien. Die vestiging van hierdie tipe nasionale hulpbron is van die grootste belang.

### 3.15 US Woordfees

Die US Woordfees het vanjaar **21** geword, en is die eerste keer met Toyota as medenaamborg aangebied. Hierdie mondigwording is van 6 tot 15 Maart met **576 vertonings** en geleenthede in 16 afdelings en 75 venues in en om Stellenbosch gevier. Meer as **3 000 kunstenaars** en 600 medewerkers het deelgeneem.

**Kaartjieverkope** vanjaar was beduidend hoër, maar finale syfers kan eers ná rekonsiliasie bevestig word. Die goeie bywoning van die nuwe dansafdeling was verblydend, en so ook die styging in bywoningsyfers van kontemporêre musiekuitvoerings en die skrywersfees. Die kunsgesprekke, wat deur Strauss & Co aangebied is, en feeskunstenaar Gerhard Marx se installasiekuns het opnuut statuut aan die visuelekunsprogram gegee.

Ons **bedank** graag al die **kunstenaars, feesgangers, skenkers** (Het Jan Marais Nasionale Fonds, Nasionale Afrikaanse Teaterinisiatief, die Wes-Kaapse regering, Stellenbosch Munisipaliteit, die US se Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkings en die WF20 Groep), **produksievennote** en **produken mediaborge**. Spesiaal dankie ook aan die Universiteit se **medenaamborg** Toyota, **platinumborge** kykNET en Media24, goue borge Distell en Standard Bank, en **silwerborge** ATKV, RSG en Sanlam.

Ons is bevoorreg en dankbaar dat die US Woordfees grootliks die direkte gevolge van die **koronaviruspandemie** gespaar is. Slegs 'n paar produksies is die laaste naweek afgestel. Die US Woordfees is daartoe verbind om saam met die ander kunstefeeste en rolspelers na oplossings te soek vir die groot uitdagings waarvoor die kunstebedryf landwyd nou te staan kom.

Die datums vir die Toyota US Woordfees 2021 sal later aangekondig word.

### 3.16 US Museum

Om die Ubuntu Dialogues-program verder te beplan, het dr Mosa Phadi, programbestuurder, en me Natasha Coltman, administrateur van die US Museum, in November 2019 besoek afgelê by **Michigan-staatsuniversiteit (MSU)**. Dr Phadi was ook 'n spreker by 'n [seminaar](#) wat deur MSU se Sentrum vir Afrikastudie gereël is.

Hulle besoek het die aanvoorwerk gedoen vir 'n US-kohort van tien studente wat vir twee weke in Junie 'n internskap by MSU sal ondergaan. Die US sal op sy beurt in Mei tien MSU-studente-interns

ontvang. Daarbenewens sal vier MSU-studente betrokke wees by die digitalisering van die US Museum-versameling in samewerking met die US Biblioteek.

As vennoot van die **Nelson Mandela Museum**, het die US Museum ook 'n kortkursus vir personeellede van daardie fasiliteit aangebied.

Mnr Bongani Mgijima, direkteur van die US Museum, het in Desember 2019 deelgeneem aan 'n China-Suid-Afrika-werksessie oor ontasbare erfenis wat deur die **Universiteit van Yunnan in China** aangebied is. Ander genooides US-verteenwoordigers by dié geleentheid was Ashley Walters en Stephanie Conradie van Visuele Kunste, en Ncebakazi Mnukwana van Musiek. Die Universiteit van Yunnan en die US het 'n samewerkingsooreenkoms.

Die museum het ook in die oorsigtydperk praatjies deur Faghmeda Miller (die eerste Moslemvrou in SA wat haar MIV-status openbaar gemaak het) en Vuyiseka Dubula-Majola (direkteur van die US se Afrikasentrum vir MIV/vigs-bestuur) as deel van die **Simon Nkoli-uitstalling**, wat vroeër deur regter Edwin Cameron geopen is, aangebied. Nkoli was 'n MIV/vigs-aktivis.

Die museum is ook vir 'n **Leading Culture Destinations- (LCD-)toekenning** vir 2020 in die kategorie vir sagtekragbestemming van die jaar benoem. LCD is 'n kultuurreisnetwerk wat kuns-en-kultuurliefhebbers met die opwindendste kulturele bestemmings wêreldwyd verbind. Die toekennings is bekend as die **"Oscars vir museums"** en verleen erkenning aan die mees uitsonderlike gevestigde én ontluikende kulturele inisiatiewe ter wêreld. "Sagtekragbestemmings" is plekke wat nie net pret is om te besoek nie, maar op die koop toe mense se sienings **transformeer**.

Die program **Ubuntu Dialogues** met die Andrew W. Mellon-stigting as finansier het sy eerste seminar by MSU aangebied. 'n PhD-kandidaat van die US, mnr Pfunzo Sidogi, was op 11 November 2019 die eerste nagraadse genoot om sy navorsing by MSU aan te bied. Sy aanbieding, wat op sy doktrale verhandeling gegrond was, het ondersoek ingestel na die estetika van ubuntu in visuele uitbeeldings van die 20ste-eeuse stadslewe van swart mense in Suid-Afrika. [Klik hier](#) vir 'n video. Twee Ubuntu Dialogues-studentegesprekke is ook in die verslagtydperk gehou, deel van 'n reeks van vier. Dié gesprekke word aanlyn met 'n virtuele skerm tussen US- en MSU-studente gevoer.

### 3.17 US en Fort Hare maak geskiedenis deur kunssamewerking

Die US en die Universiteit van Fort Hare het geskiedenis gemaak deur saam te werk aan die uitstalling ***From the Vault***, bestaande uit werke uit die twee instellings se kunsversamelings wat oor die afgelope eeu opgebou is. Die **130 kunswerke is nog nooit vantevore saam gesien nie**.

Die uitstalling, met Mike Tigere Mavura en Gcotyelwa Mashiq as kuratore, het beoog om die verlede te bowe te kom en 'n nuwe toekoms uit te stip vir twee universiteite wat gedurende die land se verdeelde verlede aan teenoorgestelde kante van die spektrum gestaan het.

Dit het deel uitgemaak van die eerste **Stellenbosch Triennale**, die geesteskind van die Stellenbosse Opelugbeeldhoutrust.

In sy toespraak by die bekendstelling van *From the Vault* op 20 Februarie het my eweknie by Fort Hare, **prof Sakhela Buhlungu**, verduidelik dat die uitstalling tot stand gekom het as 'n manier vir twee van Afrika se gevestigde ou universiteite om 'n brug tussen hulle eeufees te bou. Fort Hare het in 2016 sy eeufees gevier, en die US in 2018. "Kuns doen waarvoor baie voorheen bang was – dit bring ons bymekaar uit en laat ons met mekaar praat," het hy gesê.



*Proff Sakhela Buhlungu en Wim de Villiers.*



In my opmerkings het ek die bestaande bande tussen die US en Fort Hare uitgelig – gesamentlike navorsingsprojekte, personeelsamewerking en studentegroepe wat mekaar se kampusse besoek. Ek het ook vir selfs nouer samewerking gevra “om ons die uitdagings te help hanteer in die nuwe landskap waarin ons ons nou bevind, een wat steeds die letsels van die verlede dra, maar ook groot belofte van ’n blinker toekoms inhou”.

### 3.18 Stellenbosch Netwerk

Registrasies vir lidmaatskap van die [Stellenbosch Netwerk](#), wat in November 2019 van stapel gestuur is, begin nou instroom. Die US is ’n stigterslid deur Innovus. Die netwerk het reeds sy eerste program, oor **mentorskap**, bekend gestel en die eerste in ’n reeks bedryfsgerigte lesings oor **landboutegnologie** aangebied.

Die Stellenbosch Netwerk is ’n ledeorganisasie wat die bedryf, regering, samelewing en akademie oor sektore en dissiplines heen byeenbring. Die doel is om saam te werk om inklusiewe ekonomiese groei vir die groter Stellenbosch-omgewing te bewerkstellig.

### 3.19 Rugbyvennootskap

Danksy die vennootskap tussen SA Rugby en die Kampusgesondheidsdiens (KGD) is die US se dr Jo-Anne Kirby nou ’n **Wêreldrugby-geakkrediteerde** instrukteur vir die kursus in gevorderde noodsoorg in rugby (AICIR). Sy is een van net ’n handvol beroepslui in Suid-Afrika met hierdie kwalifikasie. Dit beteken sy is gekwalifiseer om alle kantlyn noodsoorgverskaffers van die land se nasionale en eliteberoepspanne op te lei. Boonop bied dit ander KGD-personeelle die geleentheid om ook op hierdie vlak opgelei te word.

## TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Luidens ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) behels hierdie kern strategiese tema die volgende: “Die US pak hiermee ’n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die Universiteit bevorder ’n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as ’n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne ’n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hulle eie leer betrek.

“Die Universiteit het ook ’n holistiese begrip van onderrig en leer, wat individuele sowel as sosiale voordele insluit. Die US se onderrigpraktyke is diep veranker in, word gevorm deur en reageer op die omgewings waarin dit plaasvind. Hierdie benaderings rig die Universiteit as ’n leerorganisasie, wat die ontwikkeling van leergemeenskappe onder studente, personeel en alumni in verskillende konfigurasies moontlik maak. Genetwerkte en samewerkende leer skep ’n omgewing wat intellektuele weetgierigheid aanmoedig, synde ’n noodsaaklike vaardigheid vir volgehoue kritiese en kreatiewe denke.”

### 4.1 Gradeplegtighede van Desember 2019

**Nege gradeplegtighede** is van 9 tot 13 Desember 2019 in die Coetzenburgsentrum gehou.

’n **Aanlyn kaartjiestelsel** is vir die eerste keer gebruik om die getal gaste te bestuur.

In die tyd voor die plegtighede het Korporatiewe Kommunikasie ’n spesiale kommunikasieveldtog van stapel gestuur om graduandi en gaste maklike toegang tot volledige en akkurate inligting oor alle gradeplegtighedsprosesse te bied. Die veldtog het ingesluit:

- ’n nuwe, gestroomlynde gradeplegtighedswebtuiste;
- ’n aflaaibare [handleiding](#) wat deur die kantoor van die Adjunkregistrator ontwikkel is;

- 'n massa-e-pos oor gradedag wat op 8 November aan 15 384 studente gestuur en deur 66% van die ontvangers oopgemaak is; en
- plasinge op sosiale media met inligting oor die gradeplegtighede.

Die US het nogmaals 'n **rekordgetal** kwalifikasies toegeken. Volgens die amptelike statistieke is **5 844** kwalifikasies verleen vergeleke met 5 772 in Desember 2018. Die getal **PhD's** het van 150 tot **154** toegeneem, en **magistergrade** van 562 tot **567**. Die volgende spesiale toekennings is ook oorhandig:

- 'n **Eredoktorsgraad** is verleen aan **mnr Bonisile John Kani** ter erkenning van sy 50 jaar lange loopbaan as uitvoerende kunstenaar en dramaturg, nie net in Suid-Afrika nie, maar ook internasionaal.
- Die Kanseliersmedalje vir die US se topstudent is toegeken aan **dr Jennifer Kate van Heerden**, wat haar MBChB cum laude verwerf het. Sy het gedurende die ses jaar lange program elk van die 29 teoriemodules met 'n onderskeiding geslaag en met 'n gemiddelde punt van 87,8% geëindig.
- Altesaam 13 personeellede het **Kanselierstoekennings** vir volgehoue uitnemendheid in navorsing, innovasie, leer en onderrig, sosiale impak en/of professionele dienste ontvang (sien vorige bestuursverslag vir die name).

## 4.2 Programhersiening en -vernuwing

Die programvernuwingsprojek, wat deur die Universiteitsvermoëboutoelaag (UCDG) gefinansier word, wil samewerking tussen akademiese en professionele akademiese steundienste- (PASD-)personeel aanmoedig en geleentheid skep om beste praktyk en lesse in en tussen fakulteitsprojekte uit te ruil. Fakulteite het die UCDG-finansiering gebruik om 12 administratiewe assistente in te kontrakteer en 70 akademici gedeeltelik beskikbaar te stel om aan beplanningssessies deel te neem. Oor al tien fakulteite is altesaam 49 wegbreekaktiwiteite aangebied – van groot werksessies tot klein werkgroepbyeenkomste – en is agt navorsingsprojekte tans aan die gang.

'n **Wye verskeidenheid** vernuwingsaktiwiteite is in verskillende stadiums van inwerkingstelling of hersiening. Party fakulteite het gekies om bestaande programme te vernuwe (soos die LLB-grad of MBChB-program), terwyl ander gans nuwe programme ontwerp en voorgelê het (byvoorbeeld die Baccalaureus in Datawetenskap). Die fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe sowel as Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het ook die aard van "heerkwalifikasies" ondersoek deur te beraadslaag oor wat die werklike doel van die kwalifikasies Baccalaureus in die Lettere en Wysbegeerte, Baccalaureus in die Natuurwetenskappe en Baccalaureus in die Handel behoort te wees.

## 4.3 Nuwe akademiese programme

Altesaam **35** nuwe nagraadse programme het in 2019 programkwalifikasiestel- (PQM-)goedkeuring van die DHOO en akkreditasie van die Raad op Hoër Onderwys (RHO) ontvang. Die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid (SAKO) het sedertdien 33 daarvan in die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) geregistreer om vanaf Januarie by die US aangebied te word. Twee SAKO-identifikasienommers is nog uitstaande. Hierdie nuwe akademiese programme/kwalifikasies val oor agt fakulteite:

Daarbenewens is 'n **verdere 13** programvoorleggings met die oog op implementering vanaf 2021 verwerk, deur die Senaat goedgekeur en vir eksterne goedkeuring, akkreditasie en registrasie by die DHOO, RHO en SAKO ingedien. Dit sluit in twee nuwe voorgraadse baccalaureusprogramme – die Baccalaureus in Datawetenskap en die Baccalaureus in die Natuurwetenskappe (Rekenaarwetenskap) – en die Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling.

#### 4.4 Akademiese geletterdheid en kommunikasie

Die Taalsentrum gaan voort om as deel van programvernuwing **met fakulteite saam te werk** om die akademiesegeletterdheids- en kommunikasiekomponente van hulle programme te vestig en te versterk. Die volgende twee modules word tans saam met die Fakulteit Ingenieurswese ontwerp:

- Interkulturele Kommunikasie 113 (8 krediete) vir ±750 studente in die vier jaar lange BIng (in die eerste jaar) en die BIng-VGP (in die tweede jaar)
- Tegnieke Kommunikasie 311 (4 krediete) vir ±400 derdejaars in Meganiese Ingenieurswese, Megatroniese Ingenieurswese en Bedryfsingenieurswese

Daarbenewens werk die Taalsentrum saam met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aan die module Professionele Kommunikasie vir Besigheid 144 (6 krediete). 'n Geskatte 700 eerstejaars in die programme BCom en BCom (Bestuurswetenskappe) sal hierdie kursus bywoon.

#### 4.5 Versterking van onderwysleierskap

Die **kortkursus oor die Akademieskap van Onderwysleierskap** put uit twee navorsingsgebiede of kennisterreine, naamlik akademiese leierskap (AL) en die akademieskap van onderrig en leer (AvOL), om die vakkundige onderrigrol te versterk. Tien deelnemers het die kortkursus verlede jaar met welslae voltooi en teen die einde van Oktober 2019 hulle voorlopige navorsingsbevindinge by die US se jaarlikse AvOL-konferensie aangebied. Die maand daarna het 'n volgende kohort van tien deelnemers (nege uit fakulteite en een uit 'n PASD-omgewing) met die kursus begin.

#### 4.6 Leer- en onderrigverryking

Die **Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO)** en die **Skryfgeleentheid** bou die statuut van leer en onderrig by die US uit deur navorsing en innovasie op dié gebied te bewerkstellig. Sewentien aansoeke uit die tweede versoek vir FINLO-voorstelle in 2019 is gefinansier. Die getal navorsingsuitsette wat uit hierdie toekenning voortspruit, neem geleidelik toe. Die Skryfgeleentheid van 5 tot 8 November het op sy beurt 13 deelnemers gehad. Ses het daarna suksesvolle FINLO-voorstelle ingedien, twee boekhoofstukke word tans afgewerk en drie vaktydskrifartikels is afgehandel en vir publikasie voorgelê.

Nóg 'n suksesvolle **kortkursus in Gemengde Onderrig en Leer** (die tweede kohort van 2019) is in November danksy die fasilitering van die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) afgesluit. Daarmee sluit 'n ryk oes van 25 dosente en PASD-personeelle hulle aan by die al hoe groter US-gemeenskap wat in die teorie en praktyk van gemengde onderrig en leer opgelei is.

SOL se JP Bosman, Sonja Strydom en Miné de Klerk het boonop in Januarie 'n tweede aflewering van die kortkursus **Onderrig in die Digitale Wêreld** vir 11 kandidate van die Afrika Doktorale Akademie aangebied. Die deelnemers kom van oor die hele Afrika en het twee dosente van die US self ingesluit. Die nuwe kennis wat vir hierdie kortkursus ontwikkel is, sal gebruik word om die US se benadering tot gemengde onderrig en leer verder te rig.

#### 4.7 Aanlyn platform vir US-kortkursusse

Die nuwe platform vir alle gemengdeleer- en ten volle aanlyn kortkursusse van die US, [SUNOnline](#), is aan die begin van die jaar in werking gestel. Dit bied gebruikers gestroomlynde toegang tot 'n genetwerkte onderrig-en-leerervaring. Kortom maak die stelsel voorsiening vir:

- die bestuur en goedkeuring van kursusse en kursusaanbiedinge;
- inskrywingsbestuur, wat aanlyn selfinskrywing, aanlyn betaling en registrasie op SUNOnline se Moodle-leweringplatform insluit; en
- kursuskatalogusbestuur.

Dit het langer as 'n jaar geduur om SUNOnline te ontwikkel. Verskeie spanne van die US se **Afdeling Kortkursusse**, die **Sentrum vir Leertegnologieë** en die **Afdeling IT** het saamgewerk aan die projek. Dit was 'n komplekse taak wat omvattende, geoutomatiseerde integrasie vereis het tussen die kursusbestuurstelsel, die bestaande studente-inligtingstelsel, die kliënteverhoudingsbestuurplatform en die Moodle-leerbestuurplatform. **Innovus** het die ontwikkelingswerk gefinansier.

## TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK

Luidens ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) impliseer “**Navorsing vir impak**” by die US “die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing. Die klem val op interdisiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien.”

### 5.1 Ondersoek na navorsingsartikel

Die Senaat het die eerste keer op 31 Mei 2019 die impak van die artikel “[Age- and education-related effects on cognitive functioning in Colored South African women](#)”, wat deur US-navorsers geskryf is, bespreek, en die Raad op 18 Junie. Dit was ná openbare verontwaardiging in reaksie op die artikel, wat vroeër in die vaktydskrif [Aging, Neuropsychology and Cognition](#) verskyn het, maar later deur die redakteurs en uitgewer onttrek is.

'n Omvattende ondersoek is na alle aspekte van die artikel onderneem. Die US se Beleid oor Verantwoordelike Navorsingsgedrag en die institusionele prosedure vir ondersoeke na bewerings van skending van navorsingsnorme en -standaarde was rigtinggewend in dié verband.

Sien asseblief die VR:NINS se afsonderlike verslag vir die uitslag van die ondersoek én bykomende inligting oor voorkomende stappe.

### 5.2 Kundige navorsing besorg US gespesialiseerde leerstoel

Die US het nou **51 navorsingsleerstoel** – byna dubbel soveel as vyf jaar gelede. Agt-en-twintig daarvan maak deel uit van die Suid-Afrikaanse navorsingsleerstoeleinisiatief (SARChI), wat deur die Departement van Wetenskap en Innovasie gefinansier word. 'n Verdere 23 navorsingsleerstoel by die Universiteit word deur ander borge gefinansier.

Onlangse ontwikkelings sluit die volgende in:

- Die **SARChI-leerstoel in gewelddadige geskiedenis en transgenerasietrauma**, wat toegestaan is aan prof Pumla Gobodo-Madikizela van ons Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe (die US het self voorheen haar navorsingspos ten volle gefinansier)
- Die **Rand Water-leerstoel in openbare gesondheid**, wat toegeken is aan die US Waterinstituut
- Die **navorsingsleerstoel in meganiese ingenieurswese**, ook geborg deur **Rand Water** en toegeken aan prof Annie Bekker
- Die **navorsingsleerstoel in gewasgesondheid**, geborg deur Villa Crop Protection en toegeken aan prof Nick Kotze
- 'n Finansieringstoekenning aan die US se **Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke** ingevolge 'n navorsingsraamwerkooreenkoms met **Standard Bank**
- 'n Belofte van navorsingsfinansiering van **Capitec**, ook vir ons Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke



### 5.3 Gesogte samewerking met Fraunhofer-Gesellschaft van Duitsland

Die Fraunhofer-Gesellschaft van Duitsland, 'n Europese leier in toegepaste navorsing, het kragte saamgesnoer met die US om die uitdagings van water-, energie- en voedselsekerheid in Suider-Afrika die hoof te bied.

Betrokkenes by die pas gestigte **Fraunhofer-innovasieplatform** (FIP) is die US se fakulteite **Ingenieurswese, Natuurwetenskappe en AgriWetenskappe**. Die platform staan onder die beskerming van die US se Waterinstituut en Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies sowel as vier Fraunhofer-institute. Die ooreenkoms is in Februarie onderteken.

Die FIP se werk sal die volle spektrum van water- en energiesekerheidsuitdagings in die streek dek – van akademiese navorsing tot die ontwikkeling, oordrag en implementering van tegnologie. Die platform sal bestaande projekte met betrekking tot die water-energie-voedsel-neksus aanvul, onder meer dié van die Afrikanavorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA) se sentrum van uitnemendheid in energie, wat in die US se Fakulteit Ingenieurswese gesetel is.

Die **vier Fraunhofer-institute** wat by die FIP betrokke is, is die institute vir Koppelvlakingenieurswese en Biotegnologie; Optronika, Stelseltegnologieë en Beeldontginning; Sonenergiestelsels, en Oppervlakingenieurswese en Dun Films.

Die totstandkoming van die FIP sal gekoördineer word deur die direkteur van die US Waterinstituut, **prof Gideon Wolfaardt**, wat as tussentydse direkteur sal dien, **dr Marelize Botes** van die US Waterinstituut, **me Karin Kritzinger** van die Fakulteit Ingenieurswese, en **dr Ursula Schließmann** van Fraunhofer as adjunkdirekteur.

### 5.4 Universiteitstegnologiesfonds gestig

Die ooreenkomste om 'n Universiteitstegnologiesfonds (UTF) te stig is in Februarie onderteken. Dít stel finansieringsteun van sowat **R200 miljoen** beskikbaar aan beginneruniversiteitsondernemings wat intellektuele eiendom van hul universiteite benut en kommersialiseer.

Die grootste gedeelte van die finansiering – 'n bietjie meer as R150 miljoen – is voorsien deur die SA SME Fund, wat in 2016 gestig is as 'n instrument om die sektor vir klein en middelslagondernemings (KMO) te ondersteun. Die US en UK, synde die eerste universiteite wat gekies is om aan die inisiatief deel te neem, het elk 'n raps oor die R20 miljoen bygedra. Die UTF sal na verwagting mettertyd uitgebrei word om verdere universiteite in te sluit.

Die res van die finansiering bestaan uit bydraes van die Tegnologie-innovasieagentskap (TIA), wat deur die Departement van Wetenskap en Innovasie ondersteun word, en van Stocks & Strauss, 'n beleggingsbestuursmaatskappy wat as UTF-fondsbestuurder aangestel is.


Fondse wat hulle op belegging in universiteitstegnologieë toespits, skiet op soos paddastoele oorsee, maar die UTF is die eerste beleggingsfonds in Afrika wat op universiteitsinnovasie konsentreer. Ons is ongelooflik trots om deel te wees van wat 'n **spelbreker** sal wees vir universiteite wat hulle tegnologieë markgereed wil kry. Die US het hierdie proses deur **Innovus** voortgedryf en die onderliggende model vir die fonds ontwerp.

Die UTF se unieke model maak voorsiening vir 'n vooraanvangsfinansieringstoekenning sodat instellings se tegnologieoordragkantore vroeëfasetegnologieontwikkeling kan ondersteun. Dít sal 'n sterk stroom investeerbare tegnologieë vir die UTF help skep.

Een van die US se strategiese fokusgebiede is entrepreneurskap, en daarom is die UTF vir ons van belang. Ons finansiële belegging toon presies hoe ernstig ons is oor ondersteuning en beloning vir innoverende navorsers wat intellektuele eiendom met sterk kommersiële potensiaal skep.

## 5.5 US spog w  r met meeste PCT-patentaansoeke

Die US bly aan die voorpunt wat betref Suid-Afrikaanse patentaansoeke ingevolge die Patentsamewerkingsverdrag (PCT), soos die volgende grafiek toon:



## TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER

In ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) is ons mense ons eerste “instaatsteller” – ’n element “wat alles moontlik maak”. Wat personeel betref, is dit soos volg gekoppel aan ’n kern strategiese tema: “Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewes om die **voorkeurwerkgewer** te wees, beoog ons ’n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van ’n inklusiewe kampuskultuur vergestalt.”

### 6.1 Personeelbyeenkoms

Die eerste van drie personeelbyeenkomste vir 2020 het op 20 Februarie in die Adam Small-teaterkompleks op ons Stellenboschkampus plaasgevind. Dit is regstreeks oor die internet uitgesaai vir personeellede wat nie persoonlik daar kon wees nie, onder meer diegene op ons ander kampusse.

Sake wat bespreek is, sluit in terugvoering uit die Institusionele Beplanningsforum van 12–13 Februarie, personeelgesondheid en -welstand, SUNStudent en SUNFin, en die US se handelsmerkvernuwing- en webherontwikkelingsprosesse. [Klik hier vir ’n artikel](#) op ons webtuiste, en [hier vir ’n video-opname](#).

### 6.2 Jongste US-personeelopname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk

Die Afdeling Menslike Hulpbronne, ondersteun deur Inligtingsoorsigbestuur, het van 28 Oktober tot 15 November 2019 gesamentlik die tweede tweejaarlikse US-personeelopname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk onderneem. Die doel van die opname was om personeellede se welstand en vlakke van werksgenot te bepaal en hulle mening in te win oor die kultuur en klimaat in die werksomgewing. Die inisiatief maak deel uit van die US se strewes om ’n voorkeurwerkgewer te wees, wat ook een van die kerntemas is van ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*.

Altesaam **1 095 reaksies** is ontvang. D  t is 52,1% **meer** as in 2017, toe 720 personeellede deelgeneem het. Die algehele **deelnamekoers** in 2019 was 25,89%.

'n Samevatting van die belangrikste bevindinge is in Februarie aan die Rektooraat en die Institusionele Beplanningsforum bekend gemaak. Dit sluit in kwessies oor personeelgesondheid en -welstand, erkenning en waardering (ook bevorderings), die oënskynlik stadige tempo van transformasie, en uitdagings waarvoor vroue- sowel as bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërpersoneellede te staan kom. Personeel het ook 'n behoefte aan kindersorggeriewe uitgespreek.

Die bevindinge van die opname sal met behulp van verskillende kommunikasiekanale so wyd moontlik aan die kampusgemeenskap oorgedra word. Inligtingsessies word vir **elke VS en fakulteit** beplan om die resultate van hierdie afsonderlike omgewings te bespreek.

### 6.3 Dagsorgfasiliteite

Komitees op ons Stellenbosch- en Tygerbergkampus werk tans daaraan om in die tweede kwartaal 'n voorlegging oor dagsorgfasiliteite by die **Strategiese Fonds**-komitee in te dien. Die plan is om 'n nuwe fasiliteit op Tygerbergkampus te skep en die bestaande Babin-fasiliteit op Stellenbosch op te knap.

### 6.4 Visekanseliersintreelesingreeks

Die aanbieding van intreelesings is deel van die US se akademiese aktiwiteite en dra dus tot die kernbedrywighede van die Universiteit by. Dit is 'n platform vir pas aangestelde of bevorderde volprofessore om hulle navorsing, ontdekkings en insigte aan mede-akademici, studente en 'n lekegehoor oor te dra. Boonop bied dit die US 'n geleentheid om met die talent en kundigheid van sy akademici te spog.

Die VR" NINS was verlede jaar in beheer van die ontwikkeling van 'n oorsigbestuursdokument wat die **reëls en prosedures** vir intreelesings uiteensit. Ná behoorlike oorlegpleging het die Rektooraat in Februarie die proseduredokument vir die Visekanseliersintreelesingreeks goedgekeur. Dit bepaal die **rolle en verantwoordelikhede** van betrokkenes by intreelesings en beskryf die bedryfsproses wat gevolg moet word.

Die doel is om te sorg dat intreelesings **sentraal bestuur en gekoördineer** word, met duidelike kommunikasielyne tussen alle betrokkenes en genooies, en om die lesings oor fakulteite heen te standaardiseer. Tegnieke aspekte wat in die dokument hanteer word, sluit in voldoening aan US-handelsmerke, die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI), kopieregwette en US-geleentheidsprotokolle, en die korrekte prosedure wat betref personeelbevorderingsinligting, korporatiewe kommunikasie, sekuriteit, risiko en finansiële verpligtinge.

### 6.5 Diensbillikheid

Om te sorg dat die oorgang na en implementering van die **Kode vir Bestuurspraktyke vir Diensbillikheid** (wat die Rektooraat in September 2019 goedgekeur het) vlot verloop, het die direkteur van Diensbillikheid opleidingsessies oor verskeie aspekte van die kode in alle omgewings bekend gestel. By die skryf van hierdie verslag sou die opleiding nog tot die einde van Maart duur.

Die kode vereis dat 20–25% van elke personeellid se kernprestasiegebiede (KPG's) aan die bevordering van transformasie gewy word. Kriteria vir hierdie nuwe KPG sal nog ontwikkel en bespreek word, hoewel daar reeds voorgestel is dat die kriteria op onder meer die aanwysers van die US se Transformasieplan moet berus.

Die huidige **institusionele Diensbillikheidsplan** verstryk teen die einde van 2020. Om vir die indiening van 'n hersiene plan by die Departement van Indiensneming en Arbeid voor te berei, sal die Diensbillikheidsdirekteur die proses aanvoer om 'n nuwe plan vir die volgende vyf jaar op te stel. Alle tersaaklike belanghebbendes sal behoorlik geraadpleeg word. Daarbenewens duur die proses voort om omgewings se diensbillikheidsteikens met die institusionele Diensbillikheidsplan te

versoen, wat bepalend sal wees vir die teikens wat by die Departement van Indiensneming en Arbeid ingedien word.

## 6.6 Gesamentlike toekenningsgeleentheid vir onderrig, navorsing en media

Die US se toekenningsgeleentheid vir voortreflike onderrig, voortreflike navorsing, uitnemendheid in die media sowel as die prysuitdeling van The Conversation is gesamentlik op 5 Desember 2019 by STIAS aangebied.

Twaalf dosente is vir hulle **voortreflike onderrig** erken. Twee US-onderriggenote wat hulle genootskappe in 2019 voltooi het, het ook by die geleentheid sertifikate van erkenning ontvang.

Toekennings vir **voortreflike navorsing** is oorhandig aan US-navorsers wat die grootste bydrae gelewer het tot geakkrediteerde publikasies (op grond van geouditeerde publikasiestatistieke van die uitsetjaar 2017) en doktorale graduandi (gradeplegtighede van Desember 2018/Maart 2019).

Vir erkenning op grond van geakkrediteerde publikasies is twee kategorieë in aanmerking geneem:

- Bydrae aan die hand van publikasiesubsidie-eenhede van die DHOO (afsnypunt 4,15)
- Getal geakkrediteerde navorsingspublikasies in samewerking met nasionale en internasionale navorsingsvennote en studente (afsnypunt 14)

Navorsers wat in die betrokke tydperk drie of meer doktrate opgelewer het, het ook erkenning ontvang.

Verlede jaar is die tweede aflewering van die US se toekennings vir **uitnemendheid in die media** aangebied. Die toekennings erken US-personeellede wat daarin uitblink om hulle navorsing en kundigheid deur die media oor te dra. Toekennings is in die volgende vyf kategorieë gedoen:

- Kategorie 1: Nuusmakers  
*Vereer entiteite, navorsing of artikels wat wye mediadekking verseker het*
- Kategorie 2: Mediadenkleiers  
*Erken personeellede wat gereeld kommentaar gelewer het, deelgeneem het aan onderhoude, meningsartikels geskryf het en/of op die een of ander manier denke in Suid-Afrika gevorm het deur hulle bydraes in die media*  
**Proff Amanda Gouws en Johan Fourie**, lede van die US Raad, tel onder die onvangers.
- Kategorie 3: Medewerkers  
*Vereer personeellede wat beduidend bydra tot die fasilitering van prosesse om te sorg dat hetsy die Universiteit of US-kollegas in die media verskyn*
- Kategorie 4: Toekenning vir Lewenslange Prestasie  
*'n Nuwe toekenning ter erkenning van individue wat hulle hele loopbaan lank aktief was in die media, en nie net wetenskapkommunikasie bevorder het nie, maar ook die instelling se profiel deur die media gebou het*  
**Prof George Claassen**, voormalige hoof van die US se Departement Joernalistiek en adjunkredakteur van *Die Burger*, was die eerste ontvanger ([klik hier om meer te lees](#)).
- Kategorie 5: The Conversation  
*The Conversation, wat as missie het is om wetenskapskakeling by die hoofstroom in te sluit en wetenskapkommunikasiebedrywighede te ondersteun, het twee toekennings gedoen.*

## 6.7 Leierskap- en bestuursontwikkeling

Die US se Afdeling Menslike Hulpbronne (MH) gaan voort om leierskap- en bestuursontwikkelingskursusse vir lynbestuurders op verskillende vlakke aan te bied. Altesaam **551**

**lynbestuurders** het verlede jaar **35 MH-werksessies** oor 'n aantal bestuursonderwerpe bygewoon, waaronder finansiële bestuur, menslikehulpbronbestuur, ontwerpdenke, stelselsdenke, prestasiebestuur, talentbestuur, werwing, projekbestuur en diensbillikheid. Bestuurders het ook leierskapsprogramme bygewoon, soos Universiteite Suid-Afrika se program in hoëronderwysleierskap en -bestuur (HELM), die programme van die Kaapse hoëronderwyskonsortium (CHEC), die program vir die ontwikkeling van leierskaps- en spanvaardighede (POLS) en die programaanbod van die organisasie vir hoëronderwys hulpsbrondienste, HERS.

## 6.8 Verlofgrief

'n Gesamentlike grief oor die vermindering in verlof van personeel van 60-jarige ouderdom en ouer is by die hoofdirekteur van Menslike Hulpbronne, mnr Victor Mothobi, ingedien, wat gevolglik met 'n afvaardiging gegriefde werknemers ontmoet het. Die aangeleentheid is sedertdien na die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel, prof Nico Koopman, geëskaleer, en was onder oorweging toe hierdie verslag ingedien is.

## 6.9 Senior aanstellings

**Prof Kanshukan Rajaratnam** is aangestel as direkteur van die US se **Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke**, wat in Julie verlede jaar bekend gestel is. Hy het 'n doktorsgraad in Stelselsingenieurswese aan die Universiteit van Virginië, VSA, verwerf. Hy was tot onlangs 'n medeprofessor in Finansies en waarnemende dekaan van die handelsfakulteit by die Universiteit van Kaapstad. Prof Rajaratnam beskik oor 'n gradering van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) en behoort tot die Suid-Afrikaanse Jong Wetenskapakademie.

Die sosiale entrepreneur **Joshua Romisher** dien met ingang van Februarie as uitvoerende hoof van die Nedbank Universiteit Stellenbosch **LaunchLab**. Hy het 'n kernrol vervul om twee pan-Afrika-sonkragmaatskappye te vestig wat meer as 2,5 miljoen mense in tien lande van skoon, betroubare energie voorsien en oor die 1 000 voltydse werksgeleenthede geskep het. Hy het die afgelope ses jaar daaraan gewy om ondernemings in tien Afrikalande suid van die Sahara op die been te bring.

**Mnr Mohamed Shaikh**, voorheen verantwoordelikeheidsentrumbestuurder in die kantoor van die Viserektor: Strategie en Internasionalisering, dien sedert 1 Februarie as **uitvoerende bestuurder van die Rektorat**. Hy vervang dr Jerome Slamet, wat afgetree het by die US. Hulle het gedurende Februarie saamgewerk om te sorg dat die oorgang vlot verloop.

**Dr Wayne Muller**, voormalige publikasieredakteur in Korporatiewe Kommunikasie, is op sy beurt in mnr Shaikh se plek as **verantwoordelikeheidsentrumbestuurder** in die kantoor van die Viserektor: **Strategie en Internasionalisering** aangestel. Dr Muller en mnr Shaikh het die hele Februarie sy aan sy gewerk om 'n doeltreffende oorhandiging te verseker.

**Me Susan van der Merwe** is as **waarnemende senior direkteur van Korporatiewe Kommunikasie** aangestel ná die bedanking van dr Phumzile Mmope, wat in 'n verklaring gesê het: "Dit is met opgewondenheid en afwagting dat ek daarna uitsien om in die volgende fase van my loopbaan nuwe geleenthede aan te gryp." Ons het diepe waardering vir dr Mmope se bydrae om Korporatiewe Kommunikasie 'n sterker strategiese rol in die posisionering van die US as 'n toonaangewende hoëronderwysinstelling te gee.

## SLOT

Oogkundiges beskou "20/20" as volmaakte sig. Ons het by ons Institusionele Beplanningsforum vroeër vanjaar op hierdie tema voortgebou en 'n meer genuanseerde standpunt oor die volgende jaar aanvaar – dat ons skerp sig sal hê, ondersteun deur 'n verbintenis om goeie sig in goeie prestasie te omskep. Uit die inhoud van hierdie verslag blyk duidelik dat alle fakulteite en PASD-omgewings van die US, ondanks eksterne uitdagings buite ons beheer, die jaar reeds uitstekend begin het. Dit



sal ons die stukrag gee om ons visie te verwesenlik om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te word wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word, en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'WJS de Villiers', with a large, stylized loop at the end.

**Prof WJS de Villiers,  
Rektor en Visekanselier**

## BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

Meningsartikels (12 Nov 2019 tot 24 Feb 2020)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof James Blignaut	Skool vir Publieke Leierskap	The promised presidential investment in agriculture needs to heal the land and its people	<a href="#">Daily Maverick</a> (12 Nov)
Prof Werner Richter	Fisika	Slashing research funding a ruinous move	<a href="#">The Mercury</a> (13 Nov)
Prof Faadiel Essop	Sentrum vir Kardiometaboliese Navorsing in Afrika	Four easy ways to keep diabetes at bay	<a href="#">News24</a> (14 Nov)
Prof Jan Botha & Gabriele Beata Vilyte	Sentrum vir Navorsing oor Wetenskap, Evaluasie en Tegnologie (SENWET)	Digital training can help supervisors lift PhD output	<a href="#">The Conversation</a> (14 Nov)
Miné de Klerk	Sentrum vir Leertegnologieë		
Dr Sipho Mahokoto	Sistematiese Teologie en Ekklesiologie	Church's role is to build unity, equality	<a href="#">Mail &amp; Guardian</a> (15 Nov)
Prof Mias de Klerk	US Bestuurskool	Tolerance: a good start but not sufficient	<a href="#">Mail &amp; Guardian</a> (18 Nov)
Anandi de Witt	MBChB-student	Swaarkry het nie 'n velkleur nie	<a href="#">Netwerk24</a> (18 Nov)
Dr Lloyd Hill	Sosiologie en Sosiale Antropologie	Afrikaans and the university language debate: Exploring the Constitutional Court judgments	<a href="#">Daily Maverick</a> (19 Nov)
Prof Vasti Roodt	Filosofie	Quest for unity in South Africa: a philosophical perspective	<a href="#">The Conversation</a> (20 Nov)
Tamunodein Princewell	BA-student (Internasionale Studie)	#ImStaying: Vra eerder hoekom ons wil gaan?	<a href="#">Netwerk24</a> (20 Nov)
Emily O'Ryan	HonsBA-student (Politieke Wetenskap)	#ImStaying: Jy doen niemand 'n guns deur te bly nie	<a href="#">Netwerk24</a> (20 Nov)
Dr Jo Barnes	Globale Gesondheid	SA needs to ensure safe sanitation for all	<a href="#">Cape Argus</a> (21 Nov)
Karen Truter	Magisterstudent (Agronomie)	Weet ons werklik waardeur boere gaan?	<a href="#">Netwerk24</a> (22 Nov)
Zian Blignaut	Magisterstudent (Kreatiewe Skryfkunde)	Dís hoe diereterapie my elke dag red	<a href="#">Netwerk24</a> (22 Nov)
Dr Marianne Strydom	Maatskaplike Werk	Kinderregte moet ook realiseer	<a href="#">Die Burger</a> (23 Nov)
Prof James Blignaut	Skool vir Publieke Leierskap	To survive first we must heal the land, then the planet	<a href="#">Daily Maverick</a> (24 Nov)
Lia Snijman	HonsBA-student (Joernalistiek)	Vroue skuld niemand om mooi te wees nie	<a href="#">Netwerk24</a> (26 Nov)
Dr Nicola de Jager	Politieke Wetenskap	Sex education raises questions about the role of the state in South Africa	<a href="#">The Conversation</a> (28 Nov)
Karen Truter	Magisterstudent (Agronomie)	Kan 'n graad nie maar met 'n werk kom nie?	<a href="#">Netwerk24</a> (28 Nov)
Prof Mark Cotton	Pediatrie en Kindergesondheid	Civil society and science play key role in battle against HIV	<a href="#">News24</a> (1 Des)
Dr Lloyd Hill	Sosiologie en Sosiale Antropologie	Afrikaans and the university language debate (Part 2): The 'costs' of institutional bilingualism	<a href="#">Daily Maverick</a> (2 Des)
Dr Olatunji Adetokunboh	Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modellering en Analise (SACEMA)	Children and HIV: what we found about vaccine-preventable diseases	<a href="#">The Conversation</a> (3 Des)
Frederik van Dyk	LLB-student	Totsiens, Jan Heunis: ons dag sal kom!	<a href="#">LitNet</a> (4 Des)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Dr Dion Forster	Sistematiese Teologie en Ekklesiologie	Methodist Church Southern Africa enters new era as women take up top positions	<a href="#">The Conversation</a> (5 Des)
Dr Azille Coetzee	Politieke Wetenskap	Jonathan Jansen, Protea Boekwinkel en Twitter: 'n studie in wit broosheid	<a href="#">LitNet</a> (5 Des)
Dr Heidi Hirsch	Sentrum vir Indringerbiologie	South Africa needs a fresh approach to managing invasive trees like Eucalyptus	<a href="#">The Conversation</a> (6 Des)
Prof Nuraan Davids	Opvoedingsbeleidstudie	Citizenship can't be taught in a module	<a href="#">Mail &amp; Guardian</a> (6 Des)
Mercy Kannemeyer	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	Ons is ook net mense, prof. Jansen	<a href="#">Vrye Weekblad</a> (6 Des)
Mercy Kannemeyer	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	Die feestyd is nie jolig vir almal nie	<a href="#">Netwerk24</a> (6 Des)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Slavery: Ware vryheid kom van binne	<a href="#">Netwerk24</a> (6 Des)
Zian Blignaut	Magisterstudent (Kreatiewe Skryfkunde)	Sekonderrig: Ingeligte kinders neem beter besluite	<a href="#">Netwerk24</a> (6 Des)
Leandri Louw	BMus-student	'Liewe oom Cyril, is die vroue in oom se lewe veilig?'	<a href="#">Netwerk24</a> (6 Des)
Nadine Christians	Eenheid vir Gelykwaardigheid	Sensitivity must be shown when using GBV victims for a cause	<a href="#">Cape Times</a> (6 Des)
Prof Desmond Painter	Sielkunde	Die man wat nie wil dans nie	<a href="#">Rapport</a> (8 Des)
Frederik van Dyk	LLB-student	Prof. Jansen en Engels as valse redder	<a href="#">Rapport</a> (8 Des)
Prof James Blignaut	Skool vir Publieke Leierskap	Baviaanskloof: Where the Lionheart dwells	<a href="#">Daily Maverick</a> (9 Des)
Michelle Cruywagen	Magisterstudent (Volhoubare Ontwikkeling en Bestuur)	R6-billion – first estimate of Just Transition in South Africa	<a href="#">Daily Maverick</a> (10 Des)
Prof Mark Swilling	Sentrum vir Komplekse Siste me in Transisie		
Megan Davies	Skool vir Publieke Leierskap		
Dr Morne Mostert	Instituut vir Toekomsnavorsing	A new way of giving in the season of giving	<a href="#">Eikestadnuus</a> (12 Des)
Prof Aslam Fataar	Opvoedingsbeleidstudie	Ipsa's first honours graduates geared for scholarly work at the highest level	<a href="#">Muslim Views</a> (13 Des)
Tian Alberts	LLB-student	US-debakel gaan oor die grondwethof se integriteit	<a href="#">Netwerk24</a> (15 Des)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	No true reconciliation without restorative justice	<a href="#">News24</a> (16 Des)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	Black consciousness is not a mafia code	<a href="#">City Press</a> (17 Des)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Don't blame radical feminism for social crises	<a href="#">Daily Maverick</a> (19 Des)
Dr Chris Jones	Eenheid vir Morele Leierskap	Sterker morele toewyding kort	<a href="#">Die Burger</a> (19 Des)
Prof Pumla Gobodo- Madikizela	Historiese Trauma en Transformasie	Jacob Zuma: a perpetrator of one of the most serious human rights crimes	<a href="#">News24</a> (20 Des)
Prof Keymanthri Moodley	Sentrum vir Mediese Etiek en die Reg	Africa's genetic material is still being misused	<a href="#">The Conversation</a> (20 Des)
Prof Desmond Painter	Sielkunde	Naar, maar waar	<a href="#">Netwerk24</a> (22 Des)
Frederik van Dyk	LLB-student	Die gatvol-faktor in globalisering	<a href="#">Netwerk24</a> (22 Des)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	The President must be clearer	<a href="#">City Press</a> (26 Des)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	'n Engel uit Wellington	<a href="#">Netwerk24</a> (27 Des)
Frederik van Dyk	LLB-student	Die stil-stil wetsontwerpe gedurende die feesseisoen: wat behoort landsburgers te doen?	<a href="#">LitNet</a> (27 Des)
Dr Jeanette de Klerk-Luttig	Eenheid vir Morele Leierskap	Bou 'n brug en staan self onder hom	<a href="#">Rapport</a> (29 Des)
Aletta Simpson	HonsBA-student (Afrikaans en Nederlands)	Is dit waarvoor millenniërs in die nuwe jaar hoop?	<a href="#">Netwerk24</a> (31 Des)
Prof Riaan Rudman	Skool vir Rekeningkunde	Rise of the machines	<a href="#">Accountancy SA</a> (31 Des)
Tanya Powell	Sportwetenskap	Wanneer die wiegie leeg bly ...	<a href="#">Juig</a> (1 Jan)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Baie meer as net 'n lekker jol	<a href="#">Netwerk24</a> (2 Jan)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Die kind is in die put	<a href="#">Netwerk24</a> (2 Jan)
Aletta Simpson	HonsBA-student (Afrikaans en Nederlands)	Dís wat graadvang my geleer het	<a href="#">Netwerk24</a> (2 Jan)
Frederik van Dyk	LLB-student	Sê wat jy wil, maar tel ook jou woorde	<a href="#">Rapport</a> (5 Jan)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Matrieks skitter ondanks sukkelende stelsel	<a href="#">Netwerk24</a> (8 Jan)
Mercy Kannemeyer	Magisterstudent (Drama en Teaterstudie)	Lank lewe ons Afrikaans!	<a href="#">Kuijer</a> (8 Jan)
Emily O'Ryan	HonsBA-student (Politieke Wetenskap)	Is sosiale media in beheer van jou lewe?	<a href="#">Netwerk24</a> (9 Jan)
Prof Cas Wepener	Praktiese Teologie en Missiologie	Mzansilaan 2020 se WhatsApp-groep	<a href="#">Vrye Weekblad</a> (10 Jan)
Dr Amy Slogrove	Pediatrie en Kindergesondheid	New estimates show 14.8 million children globally are HIV-exposed but uninfected	<a href="#">The Conversation</a> (12 Jan)
Prof Kathleen Powis	Mediese fakulteit, Harvard		
Rista-Marie Appelgryn	HonsBA-student (Rekeningkunde)	Weet jy hoe dit voel om bang te wees, meneer?	<a href="#">Netwerk24</a> (13 Jan)
Carla Visagie	BA-student (Geesteswetenskappe)	Droogte: Wat beteken dit werklik as die reën nie wil kom nie?	<a href="#">Netwerk24</a> (14 Jan)
Dr Kathryn Chu	Globale Gesondheid	Surgical care saves lives, but needs political prioritisation and strong health systems	<a href="#">Daily Maverick</a> (14 Jan)
Frederik van Dyk	LLB-student	Toekomsgerigte grondhervorming moet ideologiese kitsoplossings vervang	<a href="#">LitNet</a> (15 Jan)
Prof Lindy Heineken	Sosiologie en Sosiale Antropologie	What's behind violence in South Africa: a sociologist's perspective	<a href="#">The Conversation</a> (15 Jan)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Klopse-familie herenig	<a href="#">Paarl Post</a> (16 Jan)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	Rumblings among the youth	<a href="#">Business Live</a> (16 Jan)
Doris Viljoen	Instituut vir Toekomstnavorsing	Doing the PPB distance dance in 2020	<a href="#">Eikestadnuus</a> (16 Jan)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Fanfare oor uitslae 'is misplaas'	<a href="#">Paarl Post</a> (16 Jan)
Elisha Bayode Are & prof John Hargrove	SACEMA	What changes in temperature mean for Africa's tsetse fly	<a href="#">The Conversation</a> (16 Jan)
Emily O'Ryan	HonsBA-student (Politieke Wetenskap)	'Waar trek die Nasionale Ontwikkelingsplan?'	<a href="#">Netwerk24</a> (20 Jan)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Nico Cloete	Wetenskapmetriek en Wetenskap-, Tegnologie- en Innovasiebeleid	Defending the idea and functions of the university	<a href="#">University World News</a> (20 Jan)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Eerste skooldag wys SA het twee onderwysstelsels	<a href="#">Netwerk24</a> (22 Jan)
Dr Nic Spaul	Ekonomie	Putting golf club needs before social housing is one way the rich fail the poor	<a href="#">Business Live</a> (22 Jan)
Emily O’Ryan	HonsBA-student (Politieke Wetenskap)	‘Ons moenie vir Uyinene vergeet nie’	<a href="#">Netwerk24</a> (23 Jan)
Brett Hamilton	US Bestuurskool	Interne gestoei kan Fiat-troue kelder	<a href="#">Netwerk24</a> (23 Jan)
Prof Brian Ganson	Afrikasentrum vir Geskilbeslegting	Time for mining companies to take responsibility	<a href="#">Business Live</a> (24 Jan)
Prof Thuli Madonsela	Sosiale Geregtigheid	A nation of paradoxes	<a href="#">City Press</a> (26 Jan)
Emily O’Ryan	HonsBA-student (Politieke Wetenskap)	Siya se verhaal moet ons tot aksie dryf	<a href="#">Netwerk24</a> (27 Jan)
Frederik van Dyk	LLB-student	Die mentaliteit van die verslaandes	<a href="#">LitNet</a> (28 Jan)
Dr Frederic Isingizwe & prof Umezuruike Linus Opara	Na-oestegnologie	How sensors and big data can help cut food wastage	<a href="#">The Conversation</a> (28 Jan)
Dr Leslie van Rooi	Sosiale Impak en Transformasie	Richard Maponya leaves a lasting legacy	<a href="#">News24</a> (29 Jan)
Prof Suzette Viviers, dr Nadia Mans-Kemp, Bridgette Luyt & Wesleigh Cadle	Ondernemingsbestuur	Boards best served by members with courage	<a href="#">Business Live</a> (29 Jan)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Dink nuut oor wiskunde	<a href="#">Netwerk24</a> (30 Jan)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Tyd om weer Samaai te vereer	<a href="#">Paarl Post</a> (30 Jan)
Dr Charlie Reinhardt	Agronomie	Problem plants and overgrazing reduce veld quality	<a href="#">Stock Farm</a> (1 Feb)
Schalk Engelbrecht	Toegepaste Etiek	A win for ethical veganism or missing the point entirely?	<a href="#">Business Live</a> (1 Feb)
Prof Thinus Booysen	Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese	Smart water heating could help in South Africa’s energy crisis	<a href="#">The Conversation</a> (2 Feb)
Emily O’Ryan	HonsBA-student (Politieke Wetenskap)	Aan al my onnies: Hoe sê’n mens dankie?	<a href="#">Netwerk24</a> (4 Feb)
Dr Zelda Barends	Kurrikulumstudie	Address illiteracy in kids	<a href="#">Cape Argus</a> (5 Feb)
Prof Francois Vreÿ	Sekerheidsinstituut vir Regeerkunde en Leierskap in Afrika	Turkey in Africa: what a small but growing interest portends	<a href="#">The Conversation</a> (5 Feb)
Mphumzi Mdekazi	PhD-student	ANC ideology imperils SA	<a href="#">The Star</a> (6 Feb)
Prof Steven Robins	Sosiologie en Sosiale Antropologie	The real State of the Nation lies underground in broken sewerage and water pipes	<a href="#">Daily Maverick</a> (6 Feb)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	‘Taalmonument moet monument vir demokrasie word’	<a href="#">Netwerk24</a> (7 Feb)
Mart-Marié Serfontein	LLB-student	Maties drankverbod: dis 2020, nie 1920 nie!	<a href="#">Netwerk24</a> (7 Feb)
Dr Marina Joubert	SENWET	False information fuels fear during disease outbreaks: there is an antidote	<a href="#">The Conversation</a> (9 Feb)
Eduan Beukman	BRek LLB-student	Daar is meer goed as sleg en meer hoop as vrees!	<a href="#">Netwerk24</a> (10 Feb)



OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	We are all indebted to Nelson Mandela for not seeking revenge	<a href="#">News24</a> (11 Feb)
Dr Michael Kahn	SENWET	2020 State of Innovation Address	<a href="#">Daily Maverick</a> (11 Feb)
Emily O’Ryan	HonsBA-student (Politieke Wetenskap)	‘Ons kan nie soos Greta Thunberg in SA leef nie’	<a href="#">Netwerk24</a> (11 Feb)
Dr Tashnica Sylvester	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	Mind the (gender) gap in STEM fields	<a href="#">News24</a> (11 Feb)
Frederik van Dyk	LLB-student	<i>La politique Boer</i> : Die sirkels van Afrikaner-introspeksie	<a href="#">LitNet</a> (11 Feb)
Dr Martin Heine	Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde/ Fisioterapie	Africa is way behind the curve in managing heart disease: here’s a new approach	<a href="#">The Conversation</a> (12 Feb)
Prof Piet Naudé	US Bestuurskool	This is the SONA speech Cyril Ramaphosa should be delivering	<a href="#">IOL</a> (12 Feb)
Prof Steven Robins	Sosiologie en Sosiale Antropologie	Informal settlements can be better planned	<a href="#">Daily Maverick</a> (12 Feb)
Anke van der Merwe	Magisterstudent (Interkulturele Kommunikasie)	Pasop dat sosiale media die liefde laat taan	<a href="#">Netwerk24</a> (13 Feb)
Prof Cas Wepener	Praktiese Teologie en Missiologie	Kiekies: van die konsistorie tot die kuberruim	<a href="#">Vrye Weekblad</a> (13 Feb)
Prof Lizette Rabe	Joernalistiek	En nou is dit eko-angs ook!	<a href="#">Beeld</a> (15 Feb)
Dr Jeanette de Klerk-Luttig	Morele Leierskap	Orde in die hof! Die plek is vuil en onnet	<a href="#">Rapport</a> (16 Feb)
Prof Johann Kirsten	Buro vir Ekonomiese Onderzoek	Land Bank troubles are another cloud over reform	<a href="#">Business Live</a> (16 Feb)
Karen Truter	Magisterstudent (Agronomie)	Is sosiale media die 5de wiel aan die liefdeswa?	<a href="#">Netwerk24</a> (17 Feb)
Dr Wilhelm Verwoerd	Historiese Trauma en Transformasie	FW de Klerk saga: facing the dehumanisation of apartheid	<a href="#">News24</a> (19 Feb)
Prof Michael le Cordeur	Kurrikulumstudie	Robotics good news, but learners must first be able to read	<a href="#">Daily Maverick</a> (19 Feb)
Mareli Swart	BA-student (Taal en Kultuur)	‘Jy nie vir ander kan lief wees as jy nie vir jouself lief is nie’	<a href="#">Netwerk24</a> (20 Feb)
Dr Chris Jones	Morele Leierskap	Yearning for social justice	<a href="#">Cape Argus</a> (20 Feb)
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	Overcoming resistance to social justice	<a href="#">News24</a> (20 Feb)
Dr Chris Jones	Morele Leierskap	Minder mense, meer hoop	<a href="#">Netwerk24</a> (20 Feb)
Dr Francois Cleophas	Sportwetenskap	SA school sport was better in the bad old days. What to do about it	<a href="#">City Press</a> (21 Feb)

### Rubrieke (12 Nov 2019 tot 24 Feb 2020)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Prof Johan Fourie	Ekonomie	Why the wrong people often get promoted	<a href="#">Finweek</a> (21 Nov)
		Klimaat: Omgewing moet juis deel van mark word	<a href="#">Rapport</a> (24 Nov)
		Where are the US-trained African economists?	<a href="#">Finweek</a> (12 Des)
		Kom ons probeer oop-oog-optimisme	<a href="#">Rapport</a> (22 Des)
		Nasionalisering van Reserwebank kan rampspoedig wees	<a href="#">Rapport</a> (19 Jan)
		Economic growth: what we	<a href="#">Fin24</a> (5 Feb)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
		know and don't know	
		Working with, not against, machines	<a href="#">Fin24</a> (13 Feb)
Prof Amanda Gouws	Politieke Wetenskap	Mabuza blaas homofobie aan	<a href="#">Netwerk24</a> (19 Nov)
		Het Grondwet dan dit bedoel?	<a href="#">Netwerk24</a> (3 Des)
		Die doodsondes van ons politiek	<a href="#">Netwerk24</a> (31 Des)
		Kapitalisme: Te veel of te min?	<a href="#">Netwerk24</a> (14 Jan)
		Bekyk situasies eerder holisties	<a href="#">Netwerk24</a> (28 Jan)
		SA verdien jong vroue in politiek	<a href="#">Netwerk24</a> (11 Feb)
Dr Jan Greyling	Landbou-ekonomie	Mielies plant teen 20 km/h?	<a href="#">Landbouweekblad</a> (20 Des)
Prof Jonathan Jansen	Opvoedkundige Sielkunde	Race and kids 101: how to raise them to save SA	<a href="#">Times Live</a> (14 Nov)
		Rant all you want, but that varsity rejected your child for a good reason	<a href="#">Times Live</a> (21 Nov)
		Complaints about difficult matric exam papers are not adding up	<a href="#">Times Live</a> (28 Nov)
		Crass language chauvinism makes Afrikaans speakers their own worst enemy	<a href="#">Times Live</a> (5 Des)
		Dear Cyril, here's how to be a load-shed leader	<a href="#">Times Live</a> (12 Des)
		Degrees of separation: two very different varsities are a study in change	<a href="#">Times Live</a> (19 Des)
		Halala or hogwash: schools of thought on matric	<a href="#">Times Live</a> (9 Jan)
		Giving ill-starred smart kids a helping hand is a no-brainer	<a href="#">Times Live</a> (16 Jan)
		Enoch was by no means the first to drown, so what's really going on?	<a href="#">Times Live</a> (23 Jan)
		As the Parktown tragedy proves, SA really can embrace refugees	<a href="#">Times Live</a> (30 Jan)
		UKZN: It's terrible seeing a varsity die, especially as it was preventable	<a href="#">Times Live</a> (6 Feb)
		Truth is, there are no genes for race	<a href="#">Times Live</a> (13 Feb)
		Racket science: how cheating SA academics snaffle research millions	<a href="#">Times Live</a> (20 Feb)
Prof Nico Koopman	Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel	Hoekom ons nog so bang is vir saamwees	<a href="#">Netwerk24</a> (20 Nov)
		Alleen kan ons beslis nie hondhaaraf maak	<a href="#">Netwerk24</a> (27 Nov)
		Oom Jaap versinnebeeld versoening	<a href="#">Netwerk24</a> (18 Des)
		Die Gees gee jou krag as jy só uitgeput is	<a href="#">Netwerk24</a> (15 Jan)
		Bonhoeffer is steeds die gom van eenheid	<a href="#">Netwerk24</a> (22 Jan)
		Een mens se dade kan wel 'n verskil maak	<a href="#">Netwerk24</a> (12 Feb)
		Apartheid was verkeerd – nie net oor gevolge	<a href="#">Netwerk24</a> (19 Feb)
Prof Reggie Nel	Dekaan: Teologie	Ons moet nou ontdek hoe om saam te leef	<a href="#">Beeld</a> (5 Feb)

Outeur	VAN (omgewing of afdeling)	Opskrif	Publikasie (klik vir artikel)
Prof Anton van Niekerk	Filosofie	Nuwe soort imperialisme?	<a href="#">Netwerk24</a> (12 Nov)
		Demokrasie hef soms 'pryse'	<a href="#">Netwerk24</a> (26 Nov)
		Staak onsin oor dié 'swaarkry'	<a href="#">Netwerk24</a> (10 Des)
		Kersfees op 'n ligblou spikkel	<a href="#">Netwerk24</a> (24 Des)
		Waar trek jy die morele streep?	<a href="#">Netwerk24</a> (21 Jan)
		Stop dadelik alle ontgroening	<a href="#">Netwerk24</a> (4 Feb)
		Pad van selfvernietiging	<a href="#">Die Burger</a> (18 Feb)
Dr Leslie van Rooi	Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie	Skielik was die US nie meer 'n plek wat uitsluit nie	<a href="#">Netwerk24</a> (5 Des)
		Ons slawegeskiedenis is nader as wat ons dink	<a href="#">Vrye Weekblad</a> (13 Des)
		Die menswees, hierwees en saamwees van Kersfees	<a href="#">Netwerk24</a> (26 Des)
		Gradeplegtighede en die toekoms van ons land	<a href="#">Vrye Weekblad</a> (3 Jan)
		Plaaslike regering grootste toets vir ons demokrasie	<a href="#">Netwerk24</a> (16 Jan)
		As jy vir die laaste keer jou kind se bed opmaak	<a href="#">Netwerk24</a> (6 Feb)

## MEDEWERKERS

Hierdie verslag is saamgestel deur **Desmond Thompson**, Senior Kommunikasiespesialis: Uitvoerende Bestuur, in oorleg met **prof Wim de Villiers**, Rektor en Visekanselier, en **dr Jerome Slamat**, uittredende Uitvoerende Bestuurder: Rektooraat, en sy opvolger, **mnr Mohamed Shaikh**. Die **US Taalsentrum** het die redigeer- en vertaalwerk deur hulle medewerker **Hendrien Swanepoel** gefasiliteer. Ons erken ook graag die volgende medewerkers, wat alfabeties volgens US-omgewing gelys word:

**Biblioteek- en Inligtingsdiens:** Ellen Tise, Ilse de Lange

**Fasiliteitsbestuur:** Viljoen van der Walt, Japie Engelbrecht, Nicolette van den Eijkel

**Finansies:** Manie Lombard, Liesel Grobbelaar, Karen Strauss, Caro Olivier

**Informasietegnologie:** Attie Juyn, Sonja van der Westhuizen

**Inligtingsoorsigbestuur:** Leon Eyelaar

**Innovus/SUNKOM:** Anita Nel, dr Madelein Kleyn, Joubert de Wet, Nolene Singh, Camille de Villiers, Luan Africa, Thandi Maretlane, Hein Swanepoel, Stefan du Toit, Christo Wiechers, Carol Kat

**Kantoor van die Bedryfshoof:** Prof Stan du Plessis, Petro Mostert

**Korporatiewe Kommunikasie:** Dr Alec Basson, Susan van der Merwe, Marick Hornsveld, Martin Viljoen, Candes Keating, Rozanne Engel

**Leer en Onderrig:** Prof Arnold Schoonwinkel, Maretha Joyce

**Leer- en Onderrigverryking:** Antoinette van der Merwe, Melanie Skead, Claudia Swart-Jansen van Vuuren, Anthea Jacobs, Nicoline Herman, Karin Cattell-Holden, Gert Young, Hanelie Adendorff, Jean Farmer, Gerda Dullaart, JP Bosman, Miné de Klerk, André Müller, Melissa van der Vyver, Maya Sutherland, Marianne Bester, Kim Wallmach, Kabelo Sebolai, Alta van Rensburg, Erica George, Vernita Beukes, Shannon Bishop, Arné Binneman, Helga Sykstus, Rose Richards, Marguerite van der Waal, Christine Joubert, Vicki Fourie, Michelle Pieters

**Maties Sport:** Ilhaam Groenewald

**Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie:** Prof Eugene Cloete, Inge-Rae Scholtz

**Navorsingsontwikkeling:** Maryke Hunter-Hüsselmann, Whitney Prins

**Ontwikkeling en Alumnibetrekkings:** Karen Bruns, Sarah Archer, Randall Adams, Anel de Villiers, Alfreda Coetzee, Anneke Müller

**Registrateursafdeling:** Dr Ronel Retief, Beire Kramer, Ashmind Daniels

**Sosiale Impak, Transformasie en Personeel:** Prof Nico Koopman, Joanne Williams, dr Leslie van Rooi, dr Pierre Viviers, Victor Mothobi, dr Jo-Anne Kirby, Susan Crumpton, Anneke van Heerden, dr Craig Thompson, Greshne Davids, Matilda Burden, Kurt September, Natasha Coltman, Mosa Phadi, Ulrich Wolff, Ricky Brecht, Johannes Adams, Bongani Mgijima, Claire Kelly, Charl Linde, Babalwa Gusha, Ernestine Meyer-Adams, Renee Hector-Kannemeyer, Saartjie Botha, Michelle Jooste, Fiona van Kerwel, Sello Molapo, Jan Knight

**Strategie en Internasionalisering:** Prof Hester Kloppe, dr Wayne Muller

**Strategiese Inisiatiewe:** Dr Barbara Pool

**Studentesake:** Dr Choice Makhetha, dr Munita Dunn-Coetzee, Tonia Overmeyer, Pieter Kloppe, Gareth Cornelissen, Charl Davids, Khaironisa Foflonker, dr Johan Groenewald, dr Marcia Lyner-Cleophas, Marquard Timmey, Anele Mdepa, Thulani Hlatwayo, Ramone Comalie, JC Landman

**Studentetoegang:** Christelle Feyt, dr Celeste Nel, Leon van den Heever, Michelle Swart, Arrie Hanekom, Jonathan Blanckenberg, Anne Haveman-Serfontein

**US Internasionaal:** Robert Kotzé, Kirwan Adams